

## Redaksioneel

# ... dat almal een mag wees

Op Vrydag 22 Oktober en Saterdag 24 Oktober het die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel sy jaarvergadering gehou. Tydens die vergadering is gefokus op *Gereformeerde Kerkwees in Suid-Afrika*. 'n Oop gesprek het plaasgevind oor die gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA). Die gesprekstema vloei voort uit die bespreking tydens die 2003-byeenkoms oor Christus se bede vir die eenheid van sy kerk (Johannes 17:21). Met vanjaar se tema is gepoog om in die lig van Christus se hoëpriesterlike gebed raakvlakke asook verskilpunte wat oorbrug moet word tussen genoemde drie kerkverbande te omlin.

## Sprekers

Vir elke spreker wat opgetree het is gevra om 'n kort beskrywing van Gereformeerde-wees te gee, en dan aan die hand daarvan die kerklike lewe in die betrokke kerkgemeenskap waarvan hy lid is, te toets. Prof Amie van Wyk, emeritus-hoogleraar van die Hammanskraalse Teologiese Skool en later van die Teologiese Skool Potchefstroom, het die gesprek in verband met die GKSA ingelei. Ds Ronald Bain van die Gereformeerde Kerk Potgietersrus-

Wes het gerespondeer. Ds Hendrik Hefer van die NG Kerk Brakpan-Suid het 'n inleiding oor die stand van sake in die NG Kerk gegee, waarop dr Victor d'Assonville van die Gereformeerde Kerk Colesberg gerespondeer het. Ten slotte het ds Cees Kleijn van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria aan die woord gekom, en ds Hennie Momberg van die Gereformeerde Kerk Pretoria die Kandelaar het respons gelever. 'n Weergawe van elke toespraak word in hierdie uitgawe van *Waarheid en Dwaling* gepubliseer.

Tussen die verskillende sprekers was daar taamlik eenstemmigheid oor wat Gereformeerde-wees beteken. Dit het alles te doen met binding aan God se Woord en die belydenis.

## GKSA

Uit die gesprek oor die Gereformeerde-wees van die GKSA het dit duidelik geword dat daar aan die oppervlak na eenheid gestreef word, maar dat dié eenheid nie noodwendig in waarheid is nie. Die onderskeid tussen sogenaamd middelmatige en fundamentele sake skep verwarring. So-ook die verandering in denke insake die verrekening van kultuur-historiese gegewens in die bestudering van 'n teks, teenoor 'n sosio-historiese omgang met die teks. Daar is 'n

merkbaar klemverskuiwing vanaf die Skrif wat verklaar (uitgelê) word na die Skrif wat geïnterpreteer (verstaan) word. 'n Frustrasie wat toenemend ervaar word, is die feit dat daar by kerklike vergaderinge so min met 'n oop gemoed geluister word na diegene wat hulle Skrifgefundeerde kommer oor en besware teen bepaalde sinodebesluite uitspreek. Die vraag is ook geopper: Waar is die grense van verdraagsaamheid? Kan ons in die GKSA, waar al soveel 'onomkeerbare' besluite geneem is, nog saambuig voor die Woord? Om in hierdie omstandighede vaag oor liefde en versoening te praat, sonder dat hierdie begrippe duidelik omlin word, is geen eenheid in waarheid nie.

## NGK

Dit is ontstellend om te verneem dat die NG Kerk op papier aan Skrif en belydenis gebonde is, maar in werklikheid lankal nie meer is nie. Die Skrif word openlik as menslike nadenke oor God afgemaak. Die belydenis is uitgedien. Dit verklaar waarom daar in die NG Kerk soveel ingrypende veranderinge plaasvind wat voetstoots aanvaar word. Tog is daar 'n beduidende getal ampsdraers en lidmate wat Skrif- en belydenisgebonde wil wees. Hulle meen dat daar vir hulle in die NG Kerk steeds 'n taak en roeping is.

## INHOUD

- |   |   |    |   |    |   |
|---|---|----|---|----|---|
| 1 | Redaksioneel<br><b>Dat almal een mag wees . . .</b>   | 10 | <b>Respons gelever op die voordrag van prof JH van Wyk</b><br><i>Ds RA Bain</i>                 | 21 | In die koninkryk<br><b>Die ou paai</b><br><i>Dr JG Meijer</i>                             |
| 2 | Skrifoordenking<br><b>Beproewing is die tyd van God se 'verbygaan'</b><br><i>Ds HJP de Beer</i> | 14 | <b>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk – Gereformeerde?</b><br><i>Ds H Hefer</i>                 | 23 | Persskou<br><b>- Op soek na 'n stoel</b><br><b>- Vrye Afrikaan</b><br><i>Ds GJ Meijer</i> |
| 4 | Op die kerkerf<br><b>Gereformeerde-wees van die GKSA</b><br><i>Prof JH van Wyk</i>              | 17 | <b>Gereformeerde-wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika</b><br><i>Ds C Kleijn</i> |    |   |

## VGKSA

Daar word getuig dat die VGKSA aan die Skrif en belydenis gebind is. Die roeping van die VGKSA is om dié binding in die kerklike landskap van Suid-Afrika uit te leef. Dit word gedoen deur middel van sendingwerk en samewerking met verontruste mense in die NG Kerk. Wat vreemd is, is die gegewe dat daar deur die VGKSA toenadering tot die NG Kerk gesoek word, maar gesprekke met die GKSA kom nie behoorlik op dreef nie. 'n Ander dilemma wat aangevoel word en ook aangespreek is, is die verhouding tussen die VGKSA en die VGK in Nederland. Verskeie on-gereformeerde klanke styg vanuit die VGK in Nederland op, wat nie sommer-so deur die VGKSA geduld kan word nie. 'n Ander saak wat ter sprake gekom het, is die VGKSA se besluit insake die kerklied. Blykens die besluit oor die verandering in die kerkorde is dit duidelik dat die VGKSA geen probleem met die vrye lied het nie.

## Die pad vorentoe

Almal wat aan die gesprekke deelgeneem het, is dit eens dat daar ooreenkomstig Christus se gebed in Johannes 17 na eenheid gesoek moet word. Maar dan moet dit eenheid in waarheid wees. Onderlinge gesprekke tussen die kerkgemeenskappe moet gebaseer wees op binding aan die Skrif en die belydenis – sonder om

bo-Skriftuurlike binding af te dwing. Die fokus moet positief gerig wees op eenheid in leer, diens en tug. Historiese verwickelinge binne die onderskeie kerkgemeenskappe moet in gedagte gehou en deurgaans verreken word. Onderlinge begrip vir bepaalde verwickelinge en sentimente is van groot belang. Dié begrip mag nie aan die eenheid in die waarheid afbreuk doen nie, maar moet ruimte skep om mekaar juis aan die waarheid te bind. Mure van onkunde en gepaardgaande verdagmakery en vrese moet afgebreek word. Die wil om een te wees moet die blywende dryfkrag wees; anders sal die gesprek tussen die kerke nooit vlot nie, en word daar aan die opdrag van Christus geen gehoor gegee nie.

Hierdie strewe en soeke na eenheid kan op verskeie maniere konkreet gemaak word.

- Wat *Waarheid en Dwaling* betref, sal daar by wyse van artikels gefokus word op verskille tussen die onderskeie kerkgemeenskappe en hoe dié verskille aangespreek behoort te word. Verskille sal duidelik omlin en tot in die wortel beskryf moet word. Liefde vir die waarheid dwing alle gelowiges om mekaar se doen en late aan God se Woord te toets en mekaar aan die Skrif te bind.
- Daarmee saam word die bede uitgespreek dat kerkrade van die verskillende kerkverbande moeie

sal doen om op 'n gestruktureerde, amptelike basis onderlinge gesprekke aan te gaan. Tydens dié gesprekke sal daar openlik oor die fondament van eenheid gepraat moet word. Tegelyk moet ooreengekom word waar die verskilpunte lê en hoe dit uit die weg geruim kan word.

- By wyse van onderlinge gesprekke en byeenkomste (soos die VGL-byeenkoms) kan 'n ruimte geskep word waarbinne kerke mekaar in Christus kan vind. Onbekend maak onbeminde. Dit is baie noodsaaklik dat almal wat een is in leer, diens en tug – ongeag in watter kerkgemeenskap hulle hul tans bevind – met mekaar in gesprek tree. Dan kan 'bekend vir mekaar' in 'bemin mekaar' omsit.
- Op verskeie vlakke kan daar na samewerking gekyk word, byvoorbeeld die bevordering van Gereformeerde onderwys en oprig van Gereformeerde skole, waaraan almal deelneem wat een is in die Skrif en belydenis. In hierdie opsig vind daar op sekere plekke reeds kosbare samewerking plaas. Dit kan aansienlik uitbrei.
- Bo alles is gebed van onmisbare belang. Daar moet vurig gebid word dat almal wat aan die Skrif en belydenis gebind is, waarlik een *wil* wees en al hoe meer *sal* word.

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort  
Voorsitter: VGL

## Skrifoordenking

Ds HJP de Beer, Pretoria-Meintjeskop

# Beproewing is die tyd van God se 'verbygaan'

**Lees:** Markus 6: 45–52.

By die lees van Markus 6 verse 45 tot 52 wil dit voorkom asof dit hoofsaaklik gaan oor die wonder van Jesus wat op die water geloop en 'n storm tot bedaring gebring het. In hoofsaak is dit sekerlik wat hier geopenbaar word, maar by verdere ondersoek word dit wel duidelik dat meer as dit aan die orde is, naamlik:

- Vers 45 – Christus het sy dissipels gedwing, dus verplig, om in die skuit te klim en oor die see te roei.
- Vers 48 – hier staan weer dat Christus gesien het dat hulle moeilik roei en oor die water na hulle, dit is die dissipels, gekom het.
- Die volgende van belang is die laaste woorde van vers 48, naamlik

dat Christus by die dissipels wou verbygaan.

- 'n Verdere openbaring is dat die dissipels, toe Christus op die water geloop het, gedink het dat Hy 'n spook was (vers 47).
- Die laaste van belang is dat Christus by die dissipels in die skuit geklim het, want hulle harte was verhard (verse 51 en 52).

In Markus 6 verse 45 tot 52 is dus meer aan die orde as net dat Christus op water geloop het. Vervolgens drie stellings hieroor.

## **Gelowige: beproewing is doelmatig**

Om hierdie stelling te ondersoek is dit nodig om na vers 45 te kyk. Hier staan dat Christus sy dissipels in die skuit gedwing het.

Sommige verklaarders wil hierdie 'dwing' teen die agtergrond van Johannes 6:15 verstaan. Dit handel oor die vermeerdering van die brode, dieselfde gebeure wat Markus 6:45-52 voorafgaan. Na hierdie wonder van die brode, so openbaar Johannes, wou die mense Jesus met geweld koning maak. Christus wou dit voorkom. Daarom dwing Hy sy dissipels in die skuit en gaan Hy die berg op, aldus hierdie verklaarders.

Ander verstaan dit anders. Jesus dwing nie sy dissipels in die eerste plek die skuit in om die 'koning maak' te voorkom nie, maar om hulle in die storm op die see te kry. Die 'in die storm wees' was nodig sodat Jesus die openbaring van die vermeerdering van die brood kon voortsit.

Die tweede verklaring wil as die mees waarskynlike voorkom en dan met die bedoeling dat hierdie gedeelte so verstaan moet word dat Christus met 'n definitiewe doel opgetree het. Hy wou met 'n baie spesifieke doel sy dissipels in hierdie besondere beproewing stel.

## **Wat was hierdie doel?**

Was dit dat Hy op die water na hulle kon loop? Seker – maar daar is meer wat in vers 48 geopenbaar word. Daar staan: 'En Hy wou by hulle verbygaan'.

Sommige verklaarders beweer hierdie woorde moet in aansluiting by die woorde van Lukas 24:28 verstaan word. Hier het Jesus Hom na sy opstanding uit die dood aan die Emmaüsgangers geopenbaar en dan staan daar 'Hy het gemaak of hy verder wou gaan'. Dieselfde sê sommige, sou in Markus 6 die geval wees. Christus het net gemaak asof Hy wil verbygaan, sodat die dissipels Hom kon roep om hulle uit hulle nood te red.

Ander sê weer dat die woorde in vers 48 in lyn verstaan moet word met dit wat in Eksodus 33:19 en 1 Konings 19:11 geopenbaar word. In albei hierdie gedeeltes handel dit oor 'Godsverskyning' onderskeidelik aan Moses en aan Elia. Elke keer staan dat God by hulle sou 'verbygaan' sodat hulle Hom kon 'sien' ('sien' in aanhalingstekens want niemand kan God werklik sien en bly lewe nie).

Kyk 'n mens na die woorde soos Markus dit gebruik en dan veral die woord 'verbygaan', dan ondersteun dit baie duidelik die gedagte dat hierdie woorde, in lyn met Eksodus 33 en 1 Konings 19, as 'n 'Godsverskyning' verstaan moet word. Die oorspronklike woord wat as 'verbygaan' in ons teks voorkom, is 'n woord wat in sy metaforiese betekenis 'n aksie beskryf van 'om te openbaar, om duidelik te maak, om bekend te maak'. Hierdie 'verbygaan van Christus' het dus duidelik te doen met 'om Homself te openbaar, duidelik te maak, bekend te maak' as die Een wie Hy werklik is.

Die rede waarom Christus sy dissipels in die skuit die storm ingedwing het, was sodat hulle hierdie 'Godsverskyning' kon sien en weet dat Hy God is. Hierdie beproewing was dus doelmatig.

## **Gelowige: sien die doelmatigheid in beproewing**

Soos reeds uitgewys, het Christus sy dissipels in die skuit die storm in gedwing sodat Hy by hulle kon 'verbygaan', sodat hierdie 'Godsverskyning' tot hulle heil kon plaasvind.

Wat moes hierdie dissipels in die Godsverskyning van Christus sien?

In die Ou Testament en sekerlik ook hier, het die Godsverskyning oor die heerlijkheid van God gegaan. Die Godsverskyning het plaasgevind sodat Moses in Eksodus 33 en Elia in 1 Konings 19 die heerlijkheid van God kon sien - tot hulle troos en bemoediging.

Die woord heerlijkheid wat Moses in Eksodus 33:18 gebruik, dit wat hy van God wou sien in 'n Godsverskyning, kom van 'n woord met die betekenis van 'gewig, massa, swaar wees'. Dit is wat Moses hier in die woestyn wou

sien – Hy wou sien: God het massa, God het gewig; bedoelende, met God aan sy kant swaai die skaal in sy guns. Hy sê ook dat as God nie saam met hom en die volk verder trek nie, help dit nie dat hulle trek nie. God is die Een wat verskil maak – deur sy magtige teenwoordigheid verander Hy alles. Christus wou hê dat die dissipels dit ook moes raaksien in sy verbygaan – sy magtige teenwoordigheid.

Hy is nie alleen die Een wat hulle versorg nie (die vermeerdering van die brode), maar Hy is ook die Een wat reddend op die water by hulle verbygaan. Hy is die Messias wat in sy almagtige teenwoordigheid by hulle is.

Daarom: sien die doelmatigheid van beproewing – dit is God se tyd waarin Hy openbaar dat Hy vir die gelowige daar is, dat Hy deur sy almagtige teenwoordigheid die verskil bewerk.

Dié feit word ook duidelik uit Christus se woorde aan sy dissipels in vers 50, naamlik 'Dit is Ek'. Hierdie woorde as deel van die 'Ek is-uitsprake' wil sê: Ek is God en Ek is hier. Dit moes die dissipels in die storm sien – God is hier, die God wat 'n verskil maak in mense se lewens.

So maklik kan hierdie 'verbygaan van God' verkeerd geïnterpreteer word – die dissipels doen dit. In plaas van dat hulle 'n 'Godsverskyning' sien, sien hulle 'n spook. Hierdie oomblik van God se 'verbygaan in die beproewing', is nie vir hulle tot versterking nie, maar tot verskrikking.

Beproewinge word baie keer nie gesien as die 'verbygaan van God' nie, maar wel spoke wat die mens bedreig. So word beproewing dan as iets negatief verstaan wat die vernietiging van die mens ten doel het, 'n doellose gebeure wat vir die mens geen betekenis het nie, maar waarin hy alleen en altyd 'n slagoffer is. Dan kom daar vrae soos: Is God in beheer? Selfs: Is daar 'n God?

Christus het sy dissipels nie in hierdie toestand gelaat nie.

## **Gelowige: groei in tye van beproewing**

Vers 48 maak dit duidelik dat Christus in sy 'Godsverskyning' by die dissipels



wou verbygaan. Hierdie verbygaan van Hom moes vir hulle genoeg wees om tot die geloof te kom dat Hy God is en die Een wat 'n verskil maak. Hy is die Een wat vir hulle reddend en verlossend deur die storm gaan. Hulle word deur die onstuimige water teruggehou, maar Hy beweeg daarop, daaroor, daardeur sonder dat dit enige invloed op Hom uitoefen.

Daarom: vrees nie, bly net roei, God is almagtig teenwoordig ook in die storm, hierdie beproewing.

Toe die dissipels die 'verbygaan' van Christus as 'n verskyning van 'n spook aansien, stel Hy hulle gerus en klim saam met hulle in die skuit. Hy kom hulle swakheid, hulle blindheid te hulp en bring die wind tot bedaring. Dan sê Hy ook baie duidelik waarom hulle sy verbygaan nie as 'n 'Godsverskyning' gesien het nie.

Hulle harte was verhard, bedoelende hulle harte was ongevoelig. Sy doen en late het nie op hulle 'n indruk gemaak nie – hulle het gesien sonder om te sien, hulle het gehoor sonder om te hoor.

'n 'Ongevoelige hart' is 'n hart wat nie ontvanklik is vir die 'verbygaan van die Here' in tye van beproewing nie. Dit is 'n hart wat negatief reageer op beproewing en dit sien en ervaar as 'n spook, 'n bedreiging. Dit word dan iets in die lyn van die volgende: dit is onregverdig, dit is sinloos, dit is vernietigend, dit is onnodig, dit is selfs 'n verleentheid. Hierdie ongevoelige hart kan selfs vervreemding in die hand werk met gevoelens soos die volgende: Waarom laat God dit toe? Wil God my straf? Verdien ek dit? Is dit nou 'n God van liefde? En die uiterste van 'n verharde, ongevoelige hart: Is daar enigsins 'n God?

## Samevatting

God gaan by sy kinders 'verby' - nie om hulle daardeur alleen te laat nie, maar juis om hulle daardeur van sy goddelike en magtige teenwoordigheid in hulle lewens te verseker.

Daarom, sien die 'Godsverskyning'; anders gestel, sien God se hand in tye van beproewing. Weet verseker, die Here laat nie sy eiendom alleen in die storms van die lewe nie. By sy kinders se onvermoë klim Hy by hulle in die skuit en bring die storm vir hulle tot bedaring. Hy tree voorwaar hierdie wêreld binne deur die verlossing vir hulle wat aan Hom behoort, te bewerk. Hy het dit op Golgota gedoen. Hy sal dit in beproewing steeds doen vir elkeen wat aan Hom behoort. Wees verseker: beproewing is die tyd van God se 'verbygaan'. Daarom, sien sy genade hierin en glo in Hom.

## Op die kerkerf

Prof JH van Wyk, Pretoria

# Gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

*Er ligt ook inderdaad in het protestants beginsel naast een kerkhervormend een kerkontbindend element* (Bavinck, 1968:38).

## Inleiding

Wanneer 'n mens nadink oor 'Gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)' is die eerste vraag wat ontstaan natuurlik wat onder 'Gereformeerd-wees', en daarmee saam 'Gereformeerde Kerk' asook 'Gereformeerde teologie' verstaan moet word (vgl Van Wyk, 1984, 1995a, 1995b, 1997, 2003a; verder ook Willis & Welker, 1999).

Die vraag na 'Gereformeerd-wees' kan uit talle invalshoeke benader word:

- 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die vyf solismes van die Reformasie van die sestiende eeu, naamlik *soli Deo gloria, solo Christo, sola gratia,*

*sola fide* en *sola Scriptura* (vgl Van Wyk, 1986a).

- 'n Ander moontlikheid is om - veral as jy spesifiek na die kerk kyk - op die drie kenmerke van die ware kerk te fokus, naamlik suiwere evangelieprediking, suiwere sakramentsbediening en die kerklike tug (NGB art 29)<sup>1</sup>, en hiermee saam ook die vier eienskappe van die universele kerk, naamlik eenheid, heiligheid, katolesiteit en apostolisiteit (vgl HK 21:54-55).
- Nog 'n moontlikheid is om die aandag te vestig op daardie teologiese en belydenistemas wat so tiperend van die Gereformeerde tradisie is, byvoorbeeld die soewereiniteit van God, die koningskap van Christus, die belangrikheid van die Skrif en Konfessie, uitverkiesing, verbond en koninkryk, kerkreg en kerkorde, ensovoorts (vgl Van Wyk, 1995a).

- Dit is selfs moontlik om die drie temas van die Na-Reformasie, naamlik leer, diens en tug, as vertrekpunt te gebruik, hoewel hierdie saak veel meer navorsing verdien (vgl Van Wyk, 2001b:22-24), te meer as ons daarmee rekening hou dat Calvyn (*Inst*, 4.2.5) 'die gesonde leer en broederliefde' as die twee bande beskou wat die gemeenskap van die kerk aanmekeer hou.
- 'n Mens sou, in navolging van Augustinus se *Enchiridion* (421/422) - en wel op grond van 1 Korintiërs 13 - die trits van geloof, hoop en liefde as grondslag van die kerk kon neem (vgl Van Wyk, 2001a: 145-158). Dit is vir Augustinus ondenkbaar dat daar oor die kerk

<sup>1</sup> Calvyn erken nie die kerklike tug as derde kenmerk nie (*Inst*, 4.1.9), alhoewel hy dit baie belangrik ag vir die welsyn van die kerk. Hy beskou die saligmakende leer oor Christus as die "siel" van die kerk en die kerklike dissipline as die "senuwee" (*Inst*, 4.12.1).

gepraat kan word sonder om oor geloof, hoop en liefde te praat, en veral dan oor die liefde.

Dit is nie maklik om hier 'n keuse te maak nie. Dan is daar nog die vraag watter voorveronderstellings (en selfs vooroordele) 'n mens se keuse beïnvloed.

Omdat 'Gereformeerde-wees' in 'n groot mate bepaal word deur een saak, naamlik die Skrif (waaronder Skrifbeskouing en Skrifverklaring), het ek besluit om, in aansluiting by Calvyn (*Inst*, 4.8.8; 4.9.9), veral op hierdie een aspek te fokus. Die Woord van God, die evangelie van Jesus Christus, konstitueer die kerk. Daarom staan die lewende Woord van die lewende God sentraal in die Gereformeerde tradisie. Waar van die Woord afgewyk word, word van die Gereformeerde spoor afgedwaal. Wat dit alles inhoud, en wat alles daarmee saamgaan, sal weldra ter sprake kom.

Ek maak hierby 'n tweede inleidende opmerking. Ons moet die sosio-ekonomiese asook kerklik-teologiese konteks waarbinne ons teologiseer en ons kerkwees uitleef, deeglik verreken. Dit is byvoorbeeld die Gereformeerde Kerke in Nederland ten laste gelê dat hulle hul in 1944 met (nie-of fundamentele?) leergeskille besig gehou het terwyl Nederland en die hele Wes-Europa in 'n vernietigende oorlogsituasie vasgevang was.<sup>2</sup> Dan verwys ek nie eers na die Russies-Ortodokse Kerk wat tydens die Russiese Rewolusie van 1917 oor die amptsgewaad getwis het nie. Ek noem hierdie dinge nié om debatte oor leergeskille as onbelangrik af te maak nie, maar sodat ons welbewus daarmee rekening kan hou dat as Christus vandag sou terugkeer, sy eerste vraag aan ons sal wees: Het jy die hongeriges gevoed, die dorstigstes dors geles, die vreemdelinge gehuisves, die naaktes geklee, die siekes verpleeg en die gevangenes besoek (Matteus 25)?

Wat die sosio-ekonomiese konteks betref: ons leef in 'n land waar daar groot armoede en werkloosheid heers (tussen 4-8 miljoen mense is werkloos); waar 'n vigs-pandemie voortwoed (tussen 2000-2010 sal waarskynlik 4-7 miljoen aan vigsverwante siektes sterf); waar moord, misdaad, korrupsie en kapings dreig om die samelewing te vernietig -

in kort, waar ons enorme ekonomiese asook politieke vraagstukke in die gesig staar. Dan is nog nie eers na die groot ekologiese krisis verwys nie. Ek wil maar sê: In 'n land waar die sosiale onrus en onreg hoog opvlam, moet kerk en teologie hulle met fundamentele dinge besig hou en is die tyd baie min om aan middelmatige sake aandag te bestee.

Wat die kerk en teologie betref word baie gepraat van 'n postmoderne tyd met sy relativistiese waarheids- en kritiese Skrifbeskouing. Ek is egter van mening dat verreweg die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking nog in 'n premoderne fase verkeer. Ons ervaar tans in die beweging wat as Nuwe Hervorming bekend staan, die eerste windstote van die modernisme (of rasionalisme), en seker ook van die postmodernisme. Van die Nuwe Hervorming gepraat (vgl Van Wyk, 2003b: 345-373): ek is van oortuiging dat die standpunte van hierdie beweging tans die debat oor kerk- en teologiese sake in die GKSA nadelig beïnvloed. Daarom wil ek daarteen waarsku dat ons mekaar nie - in die geval van 'n meningsverskil - oorhaastig en simplisties van invloed van die Nuwe Reformasie moet verdink nie. Aan die ander kant moet ons ook nie huiwer om, waar bepaalde invloede duidelik aantoonbaar is, mekaar aan te spreek nie.

Ons leef in Suid-Afrika in 'n post-apartheidsituasie. Van apartheid het ons Sinode van 1991 gesê: Dis sonde, en die teologiese regverdiging daarvan is 'n dwaling (*Acta GKSA*, 1991:160, 169, 187). Ons kan nie maar teologiseer en kerk wees asof die GKSA op geen enkele wyse by apartheid betrokke was; asof ons ten opsigte van volkeverhoudinge die Skrif in alle opsigte getrou nagespreek het nie. Die vraag in watter mate selfs die Gereformeerde teologie deur 'n volksideologie beïnvloed was, is nog lank nie beantwoord nie en word deur veral die kerkjeug met steeds groter dringendheid gestel.

## Die Skrif as bron en norm vir kerk en teologie

Ek beplan om in hierdie verband veral oor *Skrifbeskouing* en *Skrifverklaring*

te handel (vgl Van Wyk, 1989; 2002:593-620) en dan toe te spits op wat ek die *dat*-, *hoe*- en *wie*-vrae noem.

*Dat* die Skrif bron en norm vir kerk en teologie is, staan in die Gereformeerde tradisie vas. Hierdie belydenis is pragtig verwoord in die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 7: 'Ons mag ook geen geskryfte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.'

Calvyn (*Inst*, 4.8.8) formuleer dit so: 'Laat dit dus vir ons 'n vaste beginsel wees dat ons geen ander woord as die Woord van God moet beskou of in die kerk daarvoor plek moet inruim as die Woord wat eerste in die wet en die profete en daarna in die skrifte van die apostels saamgevat word nie; verder ook dat daar geen ander metode om na behore te onderwys in die kerk bestaan nie as volgens die voorskrif en die rigsgnoer van daardie Woord nie.'

Ons kan nie goeie Gereformeerde teologie beoefen vanuit 'n verdraaide Skrifbeskouing nie. 'n Juiste Skrifbeskouing waarborg egter nie outomaties 'n korrekte Skrifverstaan nie. Dit bring ons by die vraag *hoe* die Skrif korrek verstaan behoort te word. In hierdie verband het die Gereformeerde teologie sterk aansluiting gevind by die beskouings van veral Augustinus, Calvyn, Bavinck en Berkouwer (vgl Van Wyk, 1989:2-25; 2002:594-601). Naas talle ander hermeneutiese reëls (vgl Grosheide, 1929; Greijdanus, 1946; Coetzee *et al*, 1980:12-26) is een van die kernvereistes vir 'n goeie verstaan van die Skrif daarin geleë dat 'n 'teks altyd binne sy konteks' geles en verstaan moet word. Konteks word dan veral verstaan as: bibliologiese konteks – dit wil sê die teks binne 'n bepaalde hoofstuk of perikoop, die hoofstuk binne 'n bepaalde boek, die boek binne 'n bepaalde Testament, die bepaalde Testament binne die totale Skrif, waarby ook rekening

<sup>2</sup> Die Hervormde teoloog Van Ruler het waardering daarvoor gehad dat 'n kerk hom in krisistye met leergeskille kon besig hou.

gehou word met die kultuurhistoriese konteks van destyds en die kultuurhistoriese konteks van vandag (vir hermeneutiese wegwysers, vgl Van Wyk, 1986b:56-58; 1989:51-54).<sup>3</sup>

In hierdie verband moet veral teen twee gevare gewaak word, naamlik simplisme en 'sciëntisme'. Onder laasgenoemde word dan verstaan dat die Bybel as gewoon menslike boek gelees sal word en dat dit slegs op 'wetenskaplike' wyse korrek vertolk kan word. Soos Spangenberg sê: 'Dis net ingeligtes wat *Die Bybel* kan verstaan' (*Beeld*, 12-03-2003:11). Of Craffert: 'Deur *wetenskaplik* te werk te gaan, besef ons nou dat gister se dogmas 'n valse prentjie van Jesus teken' (*Die Kerkbode*, 18 Oktober 2002). Waar die Middeleeuse kerk die kerk tot outentieke vertolker van die Skrif verhef het, maak die Nuwe Hervorming die Skrifverstaan afhanklik van die teologiese wetenskap en die moderne navorsing deur vakteoloë.

Daar is ook 'n ander gevaar. Dit tipeer ek dan as *simplisme*, dit wil sê 'n op-die-klank-af aanhaal van Bybeltekste sonder deeglike nadenke oor teks en konteks; verder ook 'n oppervlakkige gebruik van die totale Skrifinhoud, soms sonder enige teksverwysing.

Ter illustrasie word enkele voorbeelde uit ons sinodebesluite aangehaal (vgl Van Wyk, 1989:56-58; Van Rooy 1997:1-17).

### Voorbeeld 1

Die Sinode van 1942 (*Acta GKSA*, 1942:30) neem die volgende besluit: 'Die sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wil ten sterkste protesteer teen die voorgenome bewapening van nie-blankes. Die bewapening is volksgevaarlik, in stryd met ons Christelike volkstradisies en druis in teen ons sendingbeleid.'

Die Sinode spel ongelukkig nie uit hoe sodanige bewapening 'volksgevaarlik' kan wees, wat onder 'Christelike volkstradisies' verstaan moet word en hoe so 'n aangeleentheid teen 'ons sendingbeleid' kan indruis nie. Ons kan aanneem dat die Sinode van oordeel was dat die besluit Skriftuurlik

verantwoord kan word (vgl die verwysing na 'ons sendingbeleid'). Dit is sonder meer duidelik dat hierdie besluit duisend en een vroe oproep en op 'n simplistiese Skrifhantering rus.

### Voorbeeld 2

'n Ander besluit raak die plek van die vrou in die samelewing - en by implikasie ook die plek van die vrou in die kerk (*Acta GKSA*, 1920: 37-38, 81-82). Die Sinode besluit op grond van enkele Skrifgegewens (veral 1 Timoteus 2:12; 1 Korintiërs 11:3; Titus 2:5; Genesis 2:18) dat die beweging vir vrouestemreg in die politiek 'nie voortvloei uit die beginsele van Gods Woord nie', dat dit 'n 'uitheemse plant' is wat in die buiteland onder 'sosialistiese invloed' voortgewoeker het (Die Sinode gee wel toe dat daar uitsonderings op die reël is). Hiermee is gesê dat vroue nie in die politiek mag stem nie (en by implikasie ook nie in die kerk nie). Vandag stem vroue sonder enige vroe in kerk en samelewing.

### Voorbeeld 3

Sinode 1927 (*Acta*, 1927:52,169) spreek hom uit - na aanleiding van 'n beskrywingspunt - ten gunste van die gebruik van 'n algemene beker tydens nagmaalviering (en by implikasie teen aparte kelkies) op grond van Lukas 27:17 en Markus 4:23. Die Sinode wys daarna 'n kommissie aan om die volgende Sinode van 1930 van (uitgebreider) gronde te voorsien vir die besluit van 1927. Ons weet watter hewige debat hierdie aangeleentheid in die negentigerjare ontlok het (vgl Van Wyk, 1991:245-264).

Bogenoemde voorbeelde maak duidelik dat die aanhaal van 'n Bybelteks na 'n stelling of uitspraak, nie outomaties meebring dat daardie stelling of uitspraak Skriftuurlik verantwoord is nie.<sup>4</sup> Eers wanneer, onder leiding van die Heilige Gees, die teks in sy juiste konteks verstaan is, kan daarop aanspraak gemaak word dat die Skrif korrek aangewend is.

Dit bring ons by die derde, en een van die moeilikste van die drie vroe, naamlik wie verstaan die Skrif korrek?

## Skrifverstaan: individueel of kommunaal?

Die vraag wat ons tans gaan besig hou, lui: Wie is die juiste vertolker van die Skrif: die individuele gelowige of 'n kerklike vergadering? Of beide? Wat is dan die verband tussen individuele vertolking en gesamentlike Skrifverstaan? (vgl Van Wyk, 1998:6-7; 2000:18-19).

Daar is in die Bybel talle voorbeelde van individuele gelowiges wat, dikwels teen die meerderheidsopinie in, bereid was om alleen by die waarheid van die Woord te staan. Om slegs enkele te noem: Noag, Abraham, Josua en Kaleb, Gideon, Samuel, Elia, Jeremia, Johannes die Doper, Paulus - en dan natuurlik ook Jesus Christus, maar op 'n unieke wyse. In die kerkgeskiedenis is daar die figure van Luther, Calvyn, Guido de Brès, Barth, Bonhoeffer. In Suid-Afrika was dit ook meesal eenlinge wat teen die onreg van 'n onderdrukkende politieke sisteem geprotesteer het.<sup>5</sup>

Hierdie benadering is tipies van die reformatoriese tradisie en wel om twee redes. Allereers gaan dit uit van die *claritas* van die Skrif, wat inhou dat die Skrif in sy essensie deursigtig en verstaanbaar is. Verder gaan dit uit van die mondigheid van alle gelowiges wat direk toegang tot die Skrif behoort te hê en nie eers via die (Katolieke) kerk die Woord mag hoor nie. Vandaar ook dat die reformatore die Bybel spoedig in moedertale vertaal en aan gelowiges beskikbaar gestel het.

'n Klassieke voorbeeld hiervan vind ons in Galasiërs 2 waar Paulus vir Petrus in die openbaar en voor die hele gemeente van Antiogië

<sup>3</sup> Vergelyk in hierdie verband die eksegeese van 1 Korintiërs 11:4-6 waar van 'n hoofbedekking sprake is. Velema (1997:118-119) praat hier (in verband met die etiek) van 'dekontekstualisering' en 'rekontekstualisering'.

<sup>4</sup> Dit is jammer dat Van der Walt (1989), in sy origens verdienstelike proefskrif, nie indringender ondersoek ingestel het na die vraag of die Skrif op verantwoordelike wyse in ons sinodebesluite aangewend is nie.

<sup>5</sup> Vergelyk hier die volgende uitspraak van Berkhof (1990:412): 'Telkens opnieuw wekt Hij mensen en groepen, veelal minderheden, op om in getuigenis en dienst dat te doen wat de gemeente aan de wereld verschuldigd is. Deze krijgen ten volle te gevoelen wat het lijden in de wereld is, maar meestal krijgen ze nog meer onder de kerkelijke instituten en meerderheden te lijden - totdat een volgend generatie de grafsteden bouwt van de profeten die door hun vaderen gestenigd werden.'



tereggewys het omdat hy 'van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk' (Galasiërs 2:1-14; vgl Lategan, 1986:3-21). Uit die gedeelte is dit duidelik dat Petrus apartheid aan die nagmaalstafel toegepas en geweier het om met gelowiges uit die heidendom saam nagmaal te vier.

Dus, die reg om alleen vir die waarheid te staan, kan nie ontken word nie. Die vraag ontstaan of hierdie benadering by elke moontlike geleentheid en onder alle omstandighede ingeneem behoort te word. Indien wel, wat is dan die waarde van gesamentlike sinodale besluitneming en dus van gesamentlike Skrifverstaan (KO art 29, 31)? Indien laasgenoemde moontlikheid ontken word, ontstaan die vraag of ons dan nie in 'n oewerlose independentisme verval nie. Elke ketter het (immers) sy letter?

'n Pragtige voorbeeld van so 'n gesamentlike besluitneming is in Handeling 15 te vind (vgl De Villiers, 1986:23-47).<sup>6</sup> Die voorbeeld van Handeling 15 is juis relevant vir ons debat oor die 2001-Psalmomdigting en vir die Messiaanse interpretasie van die Ou Testament. Handeling 15 handel basies oor die vraag hoe die Ou Testament in die lig van die koms van Messias Jesus verstaan moet word, spesifiek ten opsigte van die plek van die besnydenis in die Nuwe-Testamentiese kerk. Wat dadelik opval, is dat kerkwees klaarblyklik konflik veronderstel. Ons lees immers nie van 'n 'stille gedagtewisseling' wat in die gemeente van Antiogië ontstaan het nie, maar van 'n 'heftige meningsverskil' wat uiteindelik uitloop op die eerste kerklike konvent of sinode in Jerusalem. Wat verder opval, is dat die gemeente van Antiogië nie die 'meningsverskil' op sy eie hanteer nie, maar dat 'n afvaardiging na Jerusalem gestuur word om saam oor die aangeleentheid te besluit. Verder ook dat nóg Paulus nóg Petrus met apostoliese gesag die saak afhandel, maar dat die apostels en ouderlinge die vraagstuk sáám bespreek en dat (na alle waarskynlikheid) die nie-apostel Jakobus die deurslaggewende voorstel maak wat daarop neerkom dat ná die koms van die Messias die besnydenis vir Nuwe-Testamentiese

gelowiges nie meer nodig is nie. Gelowiges uit die Jodendom en heidendom word 'net deur die genade van die Here Jesus gered' (Handeling 15:11) – en geensins langs die weg van wetsonderhouding (besnydenis) nie. So is die heftige meningsverskil opgelos en het die twee partye, onder leiding van die Heilige Gees, mekaar gevind in 'n vir beide tegemoetkomende besluit.

Hiermee is aangedui dat *gesamentlike* verstaan van die Skrif onlosmaaklik deel is van die roeping van die kerk van die Here. Handeling 15 vorm die kerkregtelike onderbou vir sinodale vergaderings – insluitende ekumeniese vergaderings – in die reformatoriese tradisie. Dit stem ook duidelik ooreen met Paulus se verwysing in Efesiërs 3:18 waar hy opmerk dat ons 'saam met al die gelowiges' (*sun pasin tois hagiois; cum omnibus sanctis*) begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

'n Mens ontdek hierdie worsteling rondom individuele en/of kommunale Skrifverstaan ook by die Reformatore. In boek 4 van sy *Institusie* bring Calvyn hierdie dilemma ter sprake. Hy wys daarop dat die belofte in verband met die leiding van die Heilige Gees nie net aan die hele kerk gegee is nie (soos die Katolieke Kerk geleer het), maar ook aan afsonderlike gelowiges (*Inst*, 4.8.11). Aan die ander kant het kerkvergaderings (konsilies) gesag, nie eie-gesag nie maar Wóórdgesag (*Inst*, 4.8.13).

Wat moet gebeur indien daar 'n leerverskil ontstaan? Calvyn (*Inst*, 4.9.13) antwoord: 'Ons gee beslis met graagte toe dat, as daar 'n geskil oor die een of ander leerstelling ontstaan, daar nie 'n beter of sekerder geneesmiddel is as wanneer 'n sinode van opregte biskoppe bymekaarkom om die leerstelling waaroor daar verskil is, te ondersoek nie. 'n Besluit van hierdie aard sal trouens baie meer gewig dra as herders van kerke saam die Gees van Christus aanroep en tot eenstemmigheid kom eerder as wanneer elkeen op sy eie tuis 'n besluit daarvoor neem en dit aan die (kerk)volk leer, of wanneer 'n klompie mense in hulle persoonlike hoedanigheid so 'n besluit neem'.

Indien daar hierna nog nie eenstemmigheid bereik word nie, dui

die Gereformeerde kerkreg die weg van gravamen of appèl aan (Kerkorde art 31). Indien ook hiërdie weg misluk, laat die kerkreg die kerk (oënskynlik) sonder uitsig – ons kom weldra daarop terug.

Dit is duidelik dat sowel die Skrif, asook die reformatoriese tradisie wat op die Skrif voortbou, ruimte laat vir sowel 'n individuele as gesamentlike verstaan van die Skrifboodskap. Watter pad in elke besondere omstandigheid gevolg behoort te word, moet in gebed en onder leiding van die Gees uitgemaak word. Terwyl in die Katolieke tradisie die gevaar van kerkisme (konsiliarisme en papalisme) lewensgroot is, is die reformatoriese tradisie nie altyd vry te spreek van 'n individualistiese benadering nie. 'n Mens se individualiteit moet nie só oorspan word dat dit jou naderhand buite die grense van die *regula fidei* (geloofsreël) (Ireneaus) laat beland nie – dan word jy sektaries. Met die oog op die eenheid van die kerk van Christus asook die vashou aan die waarheid van die evangelie, moet steeds getrag word om tussen beide uiterstes 'n juiste balans te vind.

## Op weg na die toekoms

Ek fokus hier in die eerste plek op die interne situasie in die GKSA om later kortliks aan eksterne verhoudings aandag te bestee.

Uit verskillende artikels in *Die Kerkblad*, *Waarheid en Dwaling* en *Die Kerkpad* is dit duidelik dat daar meningsverskille bestaan oor enkele besluite van die Nasionale Sinode van die GKSA 2003, veral ten opsigte van die vrou in die (diaken-)amp en die 2001-Psalmomdigting. Volgens sommige hang hierdie verskille met 'n bepaalde Skrifbeskouing en Skrifverstaan saam (vgl Meijer, 2001:1-4; d'Assonville, 2003:8-15; Geref Kerk die Kandelaar, 2003).<sup>7</sup>

By hierdie geleentheid gaan ek nie in op die vraag na die Skriftuurlike gehalte van 2003-besluite nie, maar gaan my veral besig hou met die

<sup>6</sup> Ek bespreek tans nie die interessante vraag in watter mate die gegewens van Galasiërs 2 en Handeling 15 verband hou of na dieselfde gebeurte verwys nie.

<sup>7</sup> Soms word selfs van 'n moontlike leerdwaling melding gemaak, wat die vraag laat ontstaan waarom nie 'n klag teen die betrokkenes by 'n kerkvergadering ahangig gemaak word nie.

kerkregtelike (en dus teologiese) vraag hoe die GKSA, gesien die huidige onderlinge verskille, 'n weg vorentoe kan vind waarop ons met mekaar as broers en susters in die Here in liefde kan saamleef en nie uiteenskeur nie.

Ek begin hier met die opmerking dat ons kerkreg (en Kerkorde) ons hier grotendeels in die steek laat omdat dit nie wegwysers bevat vir 'n vasgeloopte kerkregtelike situasie nie. Die Kerkorde reël dat indien die meerderheid in 'n sinode 'n besluit geneem het, daardie besluit 'vas en bindend' is, tensy bewys kan word dat die besluit in stryd is met Gods Woord .... (Kerkorde art 31). Maar wat moet gebeur indien die minderheid oortuig is dat 'n bepaalde besluit onskriftuurlik is maar hulle slaag nie daarin om die meerderheid daarvan te oortuig nie? Of die meerderheid slaag nie daarin om die minderheid van die Skriftuurlike gehalte van 'n besluit te oortuig nie?

Ek loop vir 'n oomblik die tyd vooruit na Sinode 2006 en aanvaar dat daar beswaarskrifte teen sinodebesluite 2003 sal wees. Gestel die besware teen die toelating van diakonesse en die 2001-Omdigting slaag, wat in prinsipe inderdaad moontlik is, is die kerklike konsekwensies daarvan moeilik oorsienbaar. Gestel die beswaarskrifte slaag nie, bly die bestaande ontevredenheid en onrus voortduur. Dan ontstaan die vraag: hoe nou verder?

Ek oorweeg die verskillende moontlikhede kortliks – en vergeet vir die oomblik dat kerkskeuring een van die 'moontlikhede' is.

Die eerste moontlikheid sou wees om na die Algemene Sinode te appelleer, want sodanige sinode word in artikel 29 van die Kerkorde erken (sien ook artikel 51 van die Kerkorde). Hierdie sinode vergader tans nie (meer nie). Die vraag is: waarom nie? Waarom het Sinode Soutpansberg in 1988 sy betrokkenheid by die Algemene Sinode gesuspendeer sodat hierdie sinode sedert die buitengewone Algemene Sinode van 1992 nog nie weer vergader het nie? Is dit nie vanweë 'n vermeende volksteologie en volkskerkbenadering wat hulle by die GKSA opgemerk het nie?<sup>8</sup> Is dit nie vanweë ons eie toedoen dat die kanaal om die huidige probleem sinvol op te los, toegemaak is nie? Dit

laat die vraag ontstaan: behoort ons hoegenaamd ons onderlinge verskille in die GKSA te probeer besleg sonder medewete en inspraak van Sinodes Middellande en Soutpansberg? Worstel hulle nie ook met soortgelyke probleme (byvoorbeeld rondom die kerklied) nie?

Die Algemene Sinode vergader tans nie meer nie, dus is hierdie moontlikheid uitgesluit.

'n Ander moontlikheid sou wees om die advies van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (tans: Raad) aan te vra, maar ons het ons in 1991 daaraan onttrek sodat ook hierdie moontlikheid nie meer bestaan nie.<sup>9</sup> Maar – en dit is die moontlikheid wat ek tans graag ontgin wil sien – ons het susterrelasies met tien gereformeerde kerkgemeenskappe wêreldwyd: Nederland (2), Skotland, Korea, Japan, Australië, Nieu-Seeland, VSA, DRK en Botswana. My vraag is: Wat is die betekenis van hierdie susterrelasies as ons mekaar nie onderling tot hulp kan wees nie, as ons mekaar nie kan ondersteun om die Skrif beter en reg ten opsigte van brandende vrae te verstaan nie? Of speel die volkskerk- en landskerkgedagte nog so 'n groot rol in Gereformeerde kerkgemeenskappe wêreldwyd dat elke landskerk volkome onafhanklik van ander landskerke ('nasionale sinodes') behoort te funksioneer sonder enige sprake van medeverantwoordelikheid ten opsigte van brandende kwessies wat almal saam of een afsonderlik raak?

Dát Gereformeerde kerke, wat in korrespondensie met mekaar staan, mekaar tans moet help, staan vir my vas. Hoë hulle dit moet doen, is 'n ander vraag. Verskillende moontlikhede kan in hierdie verband ontgin word, inagnemende dat adviese deur middel van korrespondensie meesal onbevredigend is. Die tien susterskerke sou versoek kon word om elk 'n paar adviseurs na ons nasionale sinode te stuur om ons sinode van advies te bedien. Of die tien kerke, plus die GKSA, sou elk 'n aantal afgevaardigdes na 'n Gereformeerde Ekumeniese Konvent (adviesliggaam) kon stuur wat byvoorbeeld in 2007 vergader om die GKSA Sinode 2009 van

advies te bedien oor ons onderlinge meningsverskille.

Op hierdie wyse sal ekumeniese verhoudings sinvol beleef word en sal ons sáám met (Gereformeerde) gelowiges oor die hele wêreld die waarheid (oor onderlinge verskille) probeer vind. So sal kan blyk dat die waarhede wat individue tans meen te ontdek het, saam getoets kan word en sal kan blyk met watter edelstene of strooi iemand op die fondament Jesus Christus gebou het (1 Korintiërs 3:10-15).

## Ekskursie (Calvyn en Bavinck)

Dit is waar dat in die Gereformeerde tradisie volle erns gemaak word met die Konfessie sodat selfs gepraat kan word van 'n 'konfessionele kerk' en 'n 'konfessionele teologie'.<sup>10</sup> Dit is ook waar dat juis in hierdie tradisie sprake is van 'n *libertas prophetandi*, veral ten opsigte van daardie sake wat nie in die Konfessie uitdruklik vasgelê is nie. So is daar byvoorbeeld ruimte vir chiliaste in die GKSA, selfs al verwys Calvyn na sodanige standpunt as 'n "kinderagtige verdigsel" (*Inst*, 3.25.5).

So kan Calvyn (*Inst*, 4.1.12; vgl 4.2.1) ook opmerk dat ons ons nie van die gemeenskap van die kerk behoort te vervreem nie indien daar 'die een of ander fout in die bediening van die leer of die sakramente insluit'. Daarmee bedoel hy nie om 'selfs die geringste dwalings te verdedig nie', maar probeer hy 'n onderskeid aanbring tussen fundamentele sake (wat ononderhandelbaar is) en middelmatige sake (waaroor

<sup>8</sup> 'n Voortsetting van die volkskerkgedagte (en 'n bepaalde vorm van volksteologie) is nog te vind in (veral) die redaksionele kolomme van die blad *Die Kerkpad*. Vergelyk die herhaalde versekerings van 'n 'volkseie benadering as (ons) redaksionele beleid' in die uitgawes van Junie, Augustus, November 1998; in die Januarie-uitgawe 1998 word verwys na 'n 'volkseie benadering vir die verbandelike organisasie van die kerk'; in die uitgawe van Mei 2004:27 word gestel dat 'ons blad feitlik die enigste krities-behoudende Afrikaner-volkseie kerklike orgaan binne die gereformeerde gesindte is'. Kerke in Suid-Afrika wat 'n uitgesproke volkskerkarakter dra, is die NHKA (vergelyk die nuwe ordereël 4 wat die vorige artikel 3 van die Kerkwet vervang het) asook die APK.

<sup>9</sup> Ek is bewus van die bestaan van die Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke wat veral op inisiatief van die 'Vrygemaakte Kerke' in Nederland ontstaan het, maar dit dra hoofsaaklik 'n konferensiekerkarakter – wat natuurlik nie sonder waarde is nie.

<sup>10</sup> Ons hanteer graag die begrippe 'belydeniskerk' en 'belydende kerk' as komplementerende begrippe – as én-én en nie óf-óf nie.



meningsverskil toelaatbaar is), byvoorbeeld oor die wyse van nagmaalviering (vgl Van Wyk, 1999:20-22).

Ek dink in hierdie verband ook aan een van die (nogal uitdagende) uitsprake van Bavinck in sy hooggeprese rektorale voordrag in 1888 te Kampen<sup>11</sup>:

*Enige rekbaarheid in de zuiverheid van de bediening des Woords moet op protestants standpunt wel aangenomen worden, wijl anders bijna alle gemeenschapsleven onmogelijk zou worden en het sektarisme op verschrikkelijke wijze zou worden gevoed* (Bavinck, 1968:26).

Hierdie woorde van Calvyn en Bavinck is natuurlik geensins bedoel as skuiwergat vir leervryheid en konfessionele indifferentisme nie, maar wel om die katolisiteit van die kerk so te omlyn dat daardie (katolieke) kerk nie in 'n geslote en neerdrukkende sektarisme toegerol word nie; sodat onderskei kan word tussen gereformeerde en benepenheid, ortodoksheid en bekrompenheid.

Ek keer weer terug na die oorspronklike betoog. Alles wat hierbo oor 'saamverstaan' van die Skrif gesê word, geld natuurlik in 'n mindere of meerdere mate ook die verhoudings tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Terwyl ons nog as verskillende kerkgemeenskappe bestaan, moet ons weë en middele probeer vind om veel meer raakvlakke van samewerking en samespreking te ontdek om waar moontlik sosiale en etiese vraagstukke aan te spreek asook 'n gesamentlike profetiese getuienis in die samelewing te laat uitgaan. Ek dink hier onder andere aan die rol en funksie van die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika. Die meeste kerkgemeenskappe in Suid-Afrika word met dieselfde vrae (byvoorbeeld oor kerkeenheid asook sosio-ekonomiese vraagstukke) gekonfronteer. Almal moet dan telkens die vraag beantwoord: Wat sê die Bybel hieroor? Watter lig laat die evangelie van Christus hierop val?

Ek verwag nie veel van die

Tussenkerklike Raad (vroëer Tussenkerklike Kommissie) van die tradisionele Afrikaanse Kerke nie, aangesien die 'wit tot wit' gesprek 'n heeltemal uitgediende konsep is in die lig van die naderende eenheid in die NGK-familie (NGK, V GK, NGKA, RCA) enersyds en die Gereformeerde Kerk-familie (Sinodes Potchefstroom, Middellande, Soutpansberg) andersyds. Indien die eenwording van die onderskeie kerkfamilies slaag, sal dit die aard en styl van kerklike verhoudings en kontak van hierdie kerke ingrypend verander.

## Slot

My voordrag is sterk gerig op die bewaring van die eenheid van die kerk van Christus, spesifiek die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika asook die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. Ek weet wel dat die (ware) kerk bepaalde grense het en dat die siening bestaan dat die eenheid nie ten koste van die waarheid gehandhaaf mag word nie. Ek besef ook dat die eenheid van die kerk (soos sy heiligheid), deel is van die waarheid wat ons oor die kerk bely, en dat as die kerk skeur, ons 'n deel van die waarheid oor die kerk verloor – te meer as dit 'n onnodige skeuring is.

In al ons debatte en gesprekke mag ons egter nooit vergeet dat die vraag na God en sy Christus in die sentrum van die vraag na die kerk staan nie. Dit hang op sy beurt weer saam met die vraag na die juiste beskouing van die Skrif (as openbaring van God) en die juiste verstaan daarvan. As die Woord van God ons nie by die God van die Woord uitbring, by 'n beter kennis van en groter liefde vir Hom nie, dan het ons in 'n versterde bibliolatrie en dooie ortodoksie verval wat die krag van die Woord en die entoesiasme van die Gees ontbeer. Soos Augustinus gesê het: indien ons omgang met die Skrif ons nie by die liefde uitbring nie – liefde vir God en liefde vir mekaar – het ons dit verkeerd gelees en baat dit ons niks nie (*doc. Chr.*, 3.15.23).

'n Kerk wat regsinnig is in die leer, maar afdwaal in die liefde (tot Christus en die naaste), is 'n kerk sonder toekoms (Openbaring 2:1-7). Wat ons vandag meer as ooit tevore

nodig het, is om 'in liefde by die waarheid te bly' (Efesiërs 4:15). Dit is inderdaad moontlik om liefdeloos met die waarheid om te gaan. Wie dít doen, bou nie die kerk van die Here nie, maar breek eerder af.<sup>12</sup>

Calvyn was bereid om, ter wille van die bevordering van die eenheid van die (gereformeerde) kerke, tien oseane oor te steek. Ek is bereid om tien epiese bergaf-togte, soos Joe in die rolprent *Touching the void*, af te lê vir dieselfde doel.

In al ons gesprekke en debatte moet ons ook altyd daarmee rekening hou dat dit in laaste instansie nie gaan oor die (voort-)bestaan van die kerk nie maar oor die koms van die koninkryk van God. Juister gesê: oor die kerk in diens van die koninkryk. Gesien binne die konteks van die koninkryk is die (bewaring en bereiking) van kerkeenheid nie 'n opsionele saak nie, maar van lewensbelangrike betekenis. 'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, het Christus gesê, gaan ten gronde (Matteus 12:25). Sy boodskap van liefde en versoening word deur die wêreld daarbuite as al hoe ongeloofwaardiger gesien en ervaar.

Ek vertrou ook dat ons in ons onderlinge debatte sal wegsteur van 'n styl van (onnodige) konfrontasie en beskuldigings na 'n styl van gewillige luister na mekaar en openhartige kommunikasie met mekaar.

Dit is my bede dat hierdie konferensie daartoe sal bydra dat ons as kinders van die Here nader aan Hom sal kom, en sodoende ook nader aan mekaar.

<sup>11</sup> In verband met hierdie voordrag skryf Bavinck (1968:v) aan sy vrysinnige vriend Snouck Hurgronje dat dit bedoel is as medisyne vir die 'separatistiese en sektariese neigings' wat in die kerk te vind was; 'er is zoveel enghartigheid, zoveel bekrompenheid onder ons en't ergste is, dat dat nog voor vroomheid geldt.'

<sup>12</sup> Vergelyk in hierdie verband die opmerking van Greijdenus (s.j.:108): 'Er waren te Epheze, gelijk er alle eeuwen door in's Heeren kerk geweest zijn, menschen, die oordeelden, dat met zekere rechtzinnigheid van belijdenis het leiden van een goddeloos en ondankbaar leven zeer wel vereenigbaar was.' Asook Van der Waal (1981:84): 'Strijd om de confessie moet door een levend geloof gedragen worden. Anders schrompelt de kerk in tot een winkel in religieuze aangelegenheden.' Van der Waal verwys dan na Hieronimus wat vertel dat die apostel Johannes op sy oudag, toe hy nie meer kon preek nie, die gemeente ingedra is en slegs gesê het: 'Het mekaar lief'.

## BRONNELYS<sup>13</sup>

- ACTA GKSA, 1920. Handelinge van die 20e sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Colesberg.
- ACTA GKSA, 1927. Handelinge van die 22e sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Reddersburg.
- ACTA GKSA, 1942. Handelinge van die 27e sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Aliwal-Noord.
- ACTA GKSA, 1991. Handelinge van 44e Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Administratiewe Buro.
- AUGUSTINUS: On Christian doctrine, 1958. New York: Macmillan Publishing Company. (Vert. D.W. Robertson; afgekort as *doc. Chr.*)
- AUGUSTINUS: St Augustine: The Enchiridion on faith, hope, and love. 1987. Washington: Regnery Gateway. (Paolucci, H. ed.)
- BAVINCK, H. 1968. De katholiciteit van Christendom en kerk. Kampen: Kok.
- BERKHOF, H. 1990. Christeljk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer. Nijkerk: Callenbach.
- CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens 1559 (deel 4). Potchefstroom: CJB. (Vert. HW Simpson.)
- COETZEE, JC; DE KLERK, BJ; FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, 15(54): 12-26.
- D'ASSONVILLE, VE. 2003. Deformasie? "Nuwe Reformasie"? Reformasie? Hervormingsondag 2003 en 32 stellings oor die stand van Gereformeerde Teologie in Suid-Afrika. *Waarheid en Dwaling*, 9(7): 8-15.
- DE VILLIERS, P. 1986. Die apostelkonvent (Handelinge 15). (*In Breytenbach, C red. Eenheid en konflik: Eerste beslissing in die geskiedenis van die Christendom. Pretoria: NG Kerkboekhandel. Pp 23-47.*)
- GEREFORMEERDE KERK DIE KANDELAAR 2003. *Sola Scriptura!* Pretoria.
- GREIJIDANUS, S. (sonder jaartal). De Openbaring des Heeren aan Johannes – voor de gemeente uitgelegd. Doesburg: Van Schenk Brill.
- GREIJIDANUS, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring. Kampen: Kok.
- GROSHEIDE, FW. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Bottenburg.
- LATEGAN, B. 1986. Die krisis in Galasië. (*In Breytenbach, C. red. Eenheid en konflik: Eerste beslissing in die geskiedenis van die Christendom. Pretoria: NG Kerkboekhandel. Pp 6-22.*)
- MEIJER, JG. 2001. Die ware kerk weer Skrifkritiek af. *Waarheid en Dwaling*, 7(6): 1-4.
- VAN DER WAAL, C. 1981. Openbaring van Jezus Christus II. Verklaring. Oudkarspel: De Nijverheid.
- VAN DER WALT, SJ. 1989. Die roeping van die kerk ten opsigte van etiese vraagstukke in die samelewing met toespising op uitsprake van sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom. (ThD tesis.)
- VAN ROOY, HF. 1997. Etiek en Ou Testament: 'n Kritiese bespreking van Bybelse grondslae vir moderne etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, 31(1&2): 1-17.
- VAN WYK, JH. 1984. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na 125 jaar. *In die Skriflig*, 18(70): 3-19. 1986a. Die boodskap van die Reformasie vir vandag. (IRS-Studiestuk no 226.) Potchefstroom: PUCHO/IRS. 1986b. Gesindheid en gestalte. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 1989. Die Woord is waardevol: 'n Dogmatiese besinning oor die reformatoriese Skrifbeskouing. Potchefstroom: PUCHO. 1991. Besinning oor die viering van die heilige nagmaal. *In die Skriflig*, 25(2): 245-264. 1995a. Die relevansie van die Gereformeerde teologie vir vandag. *In die Skriflig*, 29(1&2): 241-268. 1995b. Gevare en uitdagings vir die Gereformeerde teoloog vandag. (Rede gelewer tydens die Promosieplegtigheid van die Teologiese Skool Potchefstroom.) Potchefstroom: TSP. 1997. Gereformeerde identiteit en gereformeerde belydenis. *Die Kerkblad*, 11 Junie: 14, 15, 19. 1998. Wie lê die Skrif reg uit – en hoe? *Die Kerkblad*, 18 November: 6-7. 1999. Gesprek oor middelmatige en fundamentele sake. *Die Kerkblad*, 13 Januarie: 20-22. 2000. Gedagtes oor Skrif en kerk. *Die Kerkblad*, 8 November: 18-19. 2001a. Kerk van geloof, hoop en liefde. Gedagtes oor kerkwees in die nuwe millennium. (*In Van Wyk, JH. Red. Kerk- en Christenwees vandag. Potchefstroom: PTP. Pp 145-158.*) 2001b. Kriteria vir kerkeenheid: leer en liefde. *Die Kerkblad*, 6 Junie: 22-24. 2002. Fundamentalisme en kriticisme. Nadenke oor Skrifbeskouing en Skrifverklaring – van Augustinus tot Bultmann. *In die Skriflig*, 36(4): 593-620. 2003a. 350 jaar gereformerd: gestaltes en uitdagings – 'n blik vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). *In die Skriflig* (Fokus), 37(3): 557-573. 2003b. Die Nuwe Hervorming: verwagting of verdeling? *In die Skriflig*, 37(3): 345-373.
- VELEMA, WH. 1997. De verhouding van openbaring en ervaring toegespits op de ethiek. *In die Skriflig*, 31(1-2): 107-121.
- WILLIS, D & WELKER, M. 1999. Toward the future of Reformed Theology: Tasks, topics, traditions. Grand Rapids: Eerdmans.

<sup>13</sup> Ek maak graag verskoning vir die oormatige verwysing na my eie geskrifte, maar dit is bedoel vir diegene wat graag verder wil lees oor 'n bepaalde onderafdeling; daarby bevat genoemde artikels ook talle bronverwysings vir nóg verdere navorsing.

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

# Gereformerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Respons gelewer op die voordrag van prof JH van Wyk

Daar was net een manier waarop Maarten Luther van die duisternis van die Roomse kerk se natuurlike teologie kon loskom, en dit was deur die Woord te bestudeer (Latourette, 1964:705-707). Dit was die Woord van God wat in die duisternis geskyn het. Calvyn het alles in sy vermoë gedoen om die mense van sy dag, hulle leer en lewens, onvoorwaardelik aan die Skrif te bind. Calvyn wys op die eksklusiewe gesag van God se Woord oor alle lewensterreine (Heyns, 1982:318).

Daarom kan ons heelhartig met prof van Wyk instem dat 'Gereformerd-wees' rondom die lewende Woord van die lewende God sentreer. Prof van Wyk toon ook mooi aan dat 'n juiste Skrifbeskouing en Skrifverklaring hand aan hand gaan met ons belydenis van *sola Scriptura*, 'die Skrif alleen'. Ons moet dus sê wát ons bely as ons sê 'die Skrif alleen'. Die belydenis van *sola Scriptura* moet nog duideliker bely word, want die Skrif sonder belydenis is 'n Bybel wat nie geglo word nie. Luther se gesprek

met die Roomse geleerdes het nie uitgeloopt op teologiese twiste nie, maar het geëindig in 'n belydenis: Hier staan ek, ek kan nie anders nie! (d'Assonville, 1992:105).

Verder wys prof van Wyk op twee aktuele gevare in mense se omgang met die Woord, naamlik simplisme en 'sciëntisme'. Toe die Dordtse sinode van 1618/19 besluit het dat daar 'n vertaling met kanttekeninge moet wees, het hulle duidelik alle vorme van sciëntisme verwerp. Die gevolg van hierdie reformatoriese beginsel

het ons by uitnemendheid by die sogenaamde Doppers gesien (Kruger, 1957:75). Dan is daar ook die gevaar van simplisme. Soos prof van Wyk aangetoon het, loop selfs meerdere vergaderinge gevaar om onnadenkend met die Woord om te gaan, alhoewel 'n mens nie noodwendig hoef saam te stem met die voorbeelde wat hy noem nie.

Nou lyk dit miskien asof Gereformeerdes oor al hierdie beginsels met mekaar saamstem. Op die oog af lyk dit of die Skrifbeskouing dieselfde is. Tog is daar 'n verskil in Skrifverklaring. 'Wie verstaan die Skrif dan korrek?' vra prof van Wyk. Hy toon aan dat 'n meerdere vergadering nie 'n waarborg vir die waarheid is nie. Die hele kerkgeskiedenis is sekerlik ook 'n bewys daarvan.

Die gesamentlike verstaan van die Woord bly steeds deel van die roeping van die kerk, sê hy verder. Die gesamentlike verstaan van die Woord op Sinode 2003 het egter nie in rus en eenheid gerealiseer nie. Prof van Wyk het begrip vir die dilemma waarin die minderheid in die GKSA tans verkeer. Dit lyk trouens of ons in 'n doodloopstraat verkeer. Daarom ondersoek hy ander weë in 'n poging tot kerkherstel.

## Voorgestelde oplossings

Twee weë word as oplossing voorgedra, naamlik byeenroeping van die Algemene Sinode en advies van die kerke met wie ons ekumeniese eenheid het. Beide weë maak erns daarmee dat ons die roeping het om oor alle grense heen een te wees. Ek meen dat hierin sekerlik baie seën kan lê. Praktiese implementering moet ondersoek word. Trouens, die vergadering van die Algemene Sinode is onmisbaar in die bestaan van ons kerke en mag 'n oplossing wees.

Tog sou ook hierdie weg geen waarborg vir die waarheid wees nie - 'n meerdere vergadering bepaal nie die waarheid nie, sy bely dit net. Prof van Wyk wys op nog iets wat in gedagte gehou moet word. Hy lê baie sterk klem op die konfessie. Dat ons selfs 'n konfessionele kerk genoem kan word. Hieruit blyk dit dat die konfessie vir hom ook baie

dierbaar is. In hierdie klem wat hy lê, beleef 'n mens 'n rustige bekendheid.

Hy sien egter ook dat daar binne die raamwerk van die konfessie die *libertas prophetandi* is, wat dui op 'n vryheid van verkondiging in verband met middelmatige sake. Prof van Wyk noem die voorbeeld van middelmatige sake by die nagmaal. Calvyn skryf in sy Institusie dat dit middelmatig is of hulle die brood met die hand neem, of hulle dit onder mekaar deel of afsonderlik eet, of hulle die beker in die diaken se hand terugplaas en of die brood suurdeeg bevat en of die wyn wit of rooi is (Calvyn, 4.17.43).

Die sogenaamde middelmatige sake by die nagmaal lê vir Calvyn by dit wat die Skrif glad nie voorskryf nie, dit waarin die Skrif ons nie beveel nie, waarvoor God nie openbaar nie en waarin ons gewetens nie deur die Woord gebind word nie. Soos prof van Wyk sê: Niks is natuurlik onverskillig nie. Ons moet alle dinge in die lig van die Skrif beoordeel. Selfs sake waarvoor die Skrif nie openbaar nie, byvoorbeeld orrelbegeleiding in die erediens, mag nie onskriftuurlik mee omgegaan word nie. Prof van Wyk wil juis nie die weg van leervryheid of konfessionele indifferentisme opgaan nie, maar wil aan die ander kant teen benepenheid en bekrompenheid waak.

Waarom wil diegene wat van die sinodebesluite verskil dan nie kop gee nie? Dit wil voorkom dat die antwoord in 'n ander rigting gesoek moet word. Dit gaan hier oor die vraag: Waaroor bring die Here 'n mens alles tot belydenis en wat is dan die aard van belydenis? Meer konkreet: Beteken die *libertas prophetandi* dat ons nie oor die Messianiteit van die Psalms en die plek van die vrou tot belydenis kan kom nie?

## Confessio versus Professio

By die Gereformeerdes is die Reformasie maar net die groot begin. Die taal en gees van die Reformasie leef tot vandag toe voort in die geloof wat ons bely. Die Gereformeerde belydenis en die belydende karakter van ons geloof het nog nooit doodgegaan nie. Waarom nie?

Prof Dolf Britz skryf die volgende oor die belydenis: 'Dit word nie gebore in 'n oomblik van waarheid nie, maar deur die Waarheid van die Skrif' (1999:9). Dit maak die belydenis so tydloos. Hierdie tydloosheid van die belydenis lê in die aard van die belydenis – dit spreek onverbloemd die Skrif na. Prof Britz toon verder die tydlose aard van die Gereformeerde belydenis aan wanneer hy die verskil tussen die Roomse *professio* en die Gereformeerde *confessio* stel.

*Professio* dui op die aankondiging van iets wat self tot stand gebring is. Vir die Roomse kerk is dit die herinterpretasie of aktualisering van die tradisie. *Professio* het sy wortels gehad in die geloof as 'n werksaamheid van die mens, waarmee hy uiteindelik sy saligheid verdien (Britz, 1999:6). *Professio* bely dus niks van *sola Gratia* (genade alleen) nie. Die mens is nie ontvanger nie, maar aktualiseerder van die waarheid.

*Professio* maak van die gemeente 'n geloofsgemeenskap wat sy teologie en belydenis voortdurend deur standpuntname moet kontekstualiseer. Die radikale konsekwensie van *professio* word deur die ketter, Michael Servet, as *restitutio* (herroeping) aangetoon (Britz, 1999:11,12). Indien belydenis dus die méns se antwoord is, die méns se kontekstualisering van die Skrif is, moet dit ook noodwendig op die bevraagtekening en uiteindelik herroeping daarvan uitloop. Standpunte kan en word gewoonlik herroep.

Daarteenoor het die Reformatore, en by name Calvyn, spesifiek vir die begrip *confessio* gekies. Dit is die erkenning en vereenselwiging met 'n saak wat nie deur die mens tot stand gekom het nie, maar 'n ander oorsprong het. Geloof self maak ons nie regverdig nie - dit is die middel waardeur ons ontvang wat Christus vir ons bewerk het (vraag en antwoord 61 HK).

Hier gaan dit oor loutere genade. Belydenis is dus nie 'n geloofsantwoord nie, maar die gevolg van openbaring. Die gemeente is nie uitvinder of beskikker van die waarheid nie, maar die waarheid beskik oor die gemeente (Britz,



1999:6,7). Dink spesifiek aan die belydenis van Petrus - die openbaring wat aan hom gegee is het die belydenis in sy hart gewerk (Matteus 16:15-17).

Die kerk vind nie die waarheid nie, maar die waarheid vind die kerk en so moes die kerk daarvan getuig en bely (Polman, 1970?:10). *Confessio* is dit wat ons uit loutere genade van God self ontvang. God gee dit aan ons om die Skrifte te bely (Lukas 24:44, 45; Lukas 10:21; 2 Korintiërs 3:8 e.v.). Daarom het die woord 'bely' in die Grieks ook die betekenis van om saam te sê. Die christelike belydenis is nie net 'n saam-sê met mekaar nie maar allereers 'n saam-sê met God, 'n na-sê van die Skrif, gegee deur die Heilige Gees.

Wanneer God, vanuit die Skrif, deur die Gees aan ons geopenbaar word, bring dit ons verder as spekulasie, interpretasie, teologisering, wetenskaplike nadenke, moontlikhede en waarskynlikhede oor die Skrif. Ons word baie verder gebring as *professio*. Die Heilige Gees bring ons tot belydenis, tot die gelowige nasê van die Skrif. Daarom bring hierdie belydenis elke gelowige ook daartoe om te sê: Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Ek is slegs 'n bedelaar wat van die Here ontvang het.

Word *confessio* net in die Drie Formuliere van Eenheid vasgevang? Beslis nie. *Confessio* vloei vanuit die Woord deur die belydenisskrifte en word iets wat ons hele lewe bepaal. Ook die taal en gees van die Reformasie vloei vanuit die Gereformeerde belydenis. Dit maak dat ons geloof 'n belydeniskarakter het. Jy word dus 'n konfessionele kerk en 'n konfessionele mens.

## Gereformeerde-wees is om konfessioneel te wees

Uit die geskiedenis blyk dit dat Gereformeerdes dikwels in 'n meerdere of mindere mate 'n *Fremdkörper* was omdat hulle met soveel oortuiging hulle geloof bely het. Vir hulle kon *professio* óór die Woord nooit saam met die *confessio* ván die Woord bestaan nie.

'n Voorbeeld: Ds Andrew Murray (jnr) skryf oor die Doppers na die

herstel van die Gereformeerde Kerk: 'Ons was nooit in staat, selfs waar ons gewillig was, om die gemoed van die ware stywe doppers te bereik nie. Ons taal was vir hulle vreemd' (Jooste 1957:77). Die Doppers het die taal van die Verligting, die vrysinnigheid en die Metodisme baie vreemd beleef.

Vandag beleef die Gereformeerdes die postmoderne gees en taal, wat dikwels in die kerk gebesig word, ook vreemd. *Professio* en *confessio* word langs mekaar gebruik. Die Gereformeerdes beleef dit dat sommige die *libertas prophetandi* gebruik om interpretasie te kondoneer terwyl ons moes bely het. Oor sekere sake word die Skrif wel nagesê, maar ander sake word gerieflik onder die kometers van middelmatige sake toegegooi.

Sinode 2003 toon hierdie probleem vir ons duidelik aan. Die Sinode het mediaverklarings oor verskeie sake, soos ewolusionisme en homoseksualisme gemaak (Acta 2003:427,428; 751,752). Dit was nie net 'n interpretasie nie, maar hulle het daarvoor belydend verkondig. Oor die 2001-omdigting en die ampte word daar egter nie bely nie. Die argument is dat dit nie wesentlike sake raak nie en daarom 'n saak van interpretasie bly. Elkeen kan maar maak soos hy wil.

Wanneer iets soos die Messianiteit van die Psalms of die vrou in die amp op sinodevlak bespreek moet word, kan dit beswaarlik 'n middelmatige saak wees. Die geweldige onrus in die kerkverband oor hierdie sake wys ook dat ons hier nie met middelmatige sake te doen het nie. Prof van Wyk sê self dat die gevolge van besluite - wat Sinode 2006 oor genoemde sake moet neem indien daar besware is - na enige kant toe onoorsienbaar sal wees. Waarom is hierdie sake van mindere belang as sake soos die sonde van homoseksualisme en ewolusionisme? Vir die wat die Skrif wil bely is hierdie inderdaad nie 'n saak van middelmatige belang nie.

Wat staan ons dan te doen? Ek is geheel onwillig om te sê dat die oplossing van die spanninge in die kerk op die vlak van middelmatige sake lê - op die aanvaarding van verskeie interpretasies. Dit gaan ons slegs laat met 'n interpretasieverskil,

met 'n *professio*, met 'n geaktualiseerde en tydgebonde standpunt. Die belyers wil in sake waaroor die Skrif so duidelik is, byvoorbeeld die Psalms, nie met 'n herroepbare en middelmatige saak besig wees nie. Hulle wil hieroor bely.

Daar blyk dus net een uitweg te wees. Dit is Jesus Christus self, ons Hoogste Profeet en Leraar, wat sy eiendom tot belydenis bring en ons so saambind. Prof Willie Jonker toon aan dat Calvyn daarop gewys het dat daar openbare getuienisse moet wees om die kerk in tye van verwarring en verstrooiing saam te bind (Jonker, 1994:7). Die belydenis verskeur en verstrooi nie, maar dit lê in die aard van belydenis om saam te bind, sê Prof Schulze (Schulze: 1991,7). In hierdie tyd van verwarring en verstrooiing sal ons moet bid dat die Here Jesus ons tot belydenis sal bring.

## Wat van die groot opdrag aan die kerk?

Prof van Wyk sê dat ons nie nou met hierdie stryd besig moes wees nie. Ek wil dit beaam, alhoewel die sake geensins middelmatig is nie. Ons leef in 'n stukkende wêreld waar die evangelie verkondig en die liefde van Christus bedien moet word. Ons het 'n ontsaglike roeping van die Here ontvang, wat ons dikwels versaak. Ek vrees dat ons die Heilige Gees in hierdie opsig verskriklik bedroef en bedroef het. Ek stem saam dat konserwatisme die kerk doodmaak - dit sny ons van die evangelie af. Konserwatisme ag die voorbeelde van die voorouers hoër as die belydenis.

Maar nou beleef ons hierdie omstrede sake as iets wat ons belydenis in gedrang bring - dit bring die evangelie in gedrang. Ons wil graag op die skouers van die Reformatore staan om die groot saak van evangelisasie met woord en daad in hierdie wêreld aan te pak. As daar egter aan die onderbou getorring word, kan dit later blyk dat ons niks meer oor het om te verkondig nie. Ons moes gebou het op dit wat ons reeds bely het en verder daarin gegroei het. Hierin is die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland ons myns insiens ver vooruit. Hulle het die plek van die vrou in die kerk (nie die amp)

diepgaande uitgewerk en só waarlik verder gereformeer (CGKN, 2002).

Ons kan hierdie sake nie maar bloot toesmeer onder middelmatige sake nie. Maarten Luther het by geleentheid gesê: 'As ek met kragtige stem en 'n heldere betoogtrant elke deel van Gods waarheid verdedig, behalwe daardie klein puntjie waar die wêreld en die Satan op daardie oomblik hulle pyle op rig, bely ek nie vir Christus nie, al laat ek my hoe beslis oor Hom uit (Van den Brink e.a., 1996:9).

Ons moet dus die hele evangelie bewaar, ons moet die hele belydenis beskerm sodat ons ook die hele evangelie kan bely en verkondig. Deur die belydenis het God in Guido de Brès se hart gewerk dat hy van die galg af die mense kon toeroep om by die leer van die evangelie te bly (Praamsma, 1959:7). Die suiwere belydenis bring mense tot die verkondiging van God se Woord.

Daarvoor is die uiteindelijke konsekwensie van *professio* 'n *restitutio* omdat dit op die mens se aktualisering van die waarheid berus. As ons oor hierdie belangrike dinge slegs by interpretasie bly, loop ons die gevaar dat ons nageslag Jesus Christus kan herroep. Ons moet bely oor hierdie saak sodat ook ons nageslag deur die geloofsbelijdenis aan Christus en selfs ook aan ons (kerk) gebind sal word, lank nadat ons al gesterf het.

## Kerkskeuring?

Ons mag nie die kerk skeur nie, want die kerk behoort nie aan ons nie. Geeneen wat waarlik Gereformeerd is kan iets soos kerkskeuring bedink of eers bepraat nie. Kuyper, wat in die hitte van die stryd tydens die doleantie was, gee aan ons mooi insigte oor hierdie saak. 'n Gedeformeerde kerk is nie die valse kerk nie. So 'n kerk word eers vals as sy die pad van verharding betree het (Kuyper, 1910?:233).

Aan die hand van die Roomse kerk wat gedeformeerde kerk was, toon Kuyper aan dat die reformatore hulle nie afgeskei het totdat hulle uitgewerp is nie. Die Roomse kerk het eers valse kerk geword toe hulle in die kwaad volhard het. Hulle het antities deur vervolging hulle valsheid bevestig en

teties daarin volhard met die konsilie van Trente (Kuyper, 1910?:233,234).

Daar is dus geen sprake dat ons mag skeur nie. Dit mag vir u vreemd klink, maar Christus self heilig sy kerk en daarvoor gebruik Hy die valse kerk. Die valse kerk verdryf self die ware kerk uit haar midde. Die valse kerk volhard teties en antities in die kwaad. Daarby is ons sekerlik nog nie in die GKSA nie. Net Christus mag sy kerk heilig, ons mag sy kerk nooit skeur nie. Daarom sal die res van die GKSA ons moet verdra as mense wat in terme van hulle belydenis voortdurend na die Skrif terugroep. Ons wil werklik in liefde by die waarheid bly, 'n liefde wat mekaar vashou by die waarheid wat ons bely.

## Slot

Om van die Gereformeerdes te verwag dat hierdie saak as 'n interpretasieverskil verstaan moet word, sal nie so maklik wees nie. Vir hulle lê hulle besware op die vlak van *confessio*. Met alles in ons, soek ons die eenheid van die kerk, maar in *confessio*. Ons eenheid lê in ons belydenis. Ons bede is dat die GKSA weer die taal en gees van *confessio* sal adem. Ons kan Christus in die Psalms en die openbaring oor die ampte nie afgee nie. Ons kan dit nie verander nie. Hier staan ons, ons kan nie anders nie!

## BRONNELYS

- ACTA GKSA, 2003. Handeling van die 48ste nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom.
- BRITZ, RM. 1999. Goeie wyn het nie 'n uithangbord nodig nie. Die onmisbaarheid van die Gereformeerde belydenisskrifte vir die gemeente vir vandag. *UV Teologiese Studies*, 1(10): 5-13.
- BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Bybelse Bybelgenootskap.
- CALVYN, J. 1559. Institusie van die Christelike Godsdiens (deel 4). Potchefstroom: CJB. (Vertaal deur HW Simpson)
- d'ASSONVILLE, VE. 1992. Gids vir kerkgeskiedenis. Potchefstroom: Marnix.
- DEPUTAATSKAP: GENERALE SYNODE VAN DE CHRISTELIJK GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 2002. Dienst van de Vrouw. Uitgave onder verantwoordelijkheid van de generale synode van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland 2001. Buijten en Schipperheijn.
- HEYNS, JA. 1982. Calvinus reformator hodie. In: Calvinus Reformator. His contribution to Theology, Church and Society. PU vir CHO.
- JONKER, WD. 1994. Bevrydende waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington: Hugenote.
- JOOSTE, JP. 1958. Die Geskiedenis van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom.
- KRUGER, BR. 1957. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria: V&R Drukkery.
- KUYPER, A. 1910? Dictaten Dogmatike. Volume IV. Locus se Salute, Ecclesia, Sacramentis. Kampen: Kok.
- LATOURETTE, KS. 1964. A History of Christianity. London: Eyre and Spottswode Ltd.
- POLMAN, ADR. 1970? Woord en belydenis. Eenvoudige verklaring van die Nederlandse Geloofsbelijdenis. Eerste deel. Franeker: Wever.
- PRAAMSMA, L. 1959. Lerende hen onderhouden. Hulpsboek voor de catecheet. Kampen: Kok.
- SCHULZE, LF. 1991. Ons glo met die hart. Orkney: E.F.J.S.
- Van den Brink, G., Van Campen, M. & Van der Graaf, J. (red) 1996. Gegronde geloof. Kernpunten uit de geloofsleer. In bijbels, historisch en blijvend perspektief. Zoetermeer: Boekencentrum.

# Aros

**Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies**

**bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers**

**Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:**

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

**In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.**

Tel 012 332 3222  
of Posbus 31120, Totiusdal, 0134  
of e-pos [rvdkooy@mailbox.co.za](mailto:rvdkooy@mailbox.co.za)

# Die Nederduitse Gereformeerde Kerk – Gereformeerd?

Die doel van hierdie geleentheid is om gesprek te voer oor die gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Dit is pynlik om te praat oor die deformatsie wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband aan die gang is. Vir 'n gelowige wat die Here en sy kerk liefhet, en wat bewus is van sy eie onvolmaaktheid, is dit tog nie moontlik om leedvermakerig of uit die hoogte te praat oor deformatsie in 'n kerkverband nie – veral as die bepaalde kerkverband vir vyftig jaar sy 'geestelike moeder' was nie. Tog is dit, ter wille van 'n oop gesprek, noodsaaklik om eerlik te wees oor die gereformeerdheid al dan nie van die kerkverbande wat ter sprake is.

Teen hierdie agtergrond is die eerste vraag wat aan die orde kom: Wat beteken die uitdrukking 'gereformeerd-wees'? Wanneer is 'n plaaslike kerk of 'n kerkverband gereformeerd? Dit is logies dat die antwoord op hierdie vraag deurslaggewend sal wees vir die beoordeling van die 'gereformeerd-wees' of 'gereformeerdheid' van 'n kerk of kerkverband.

Die uitgangspunt van hierdie voordrag is dat 'n Gereformeerde kerk of kerkverband:

- Glo en bely dat die Heilige Skrif die geopenbaarde, geïnspireerde en daarom die gesagvolle Woord van God is.
- 'n Gereformeerde belydenisgrondslag het.

Saamgevat: 'n Gereformeerde kerk is 'n Skrifgetroue en Belydenisgebonde kerk.

## Gereformeerd-wees

'n Gereformeerde Kerk glo met die

hart en bely met die mond dat die Bybel die geopenbaarde en geïnspireerde Woord van God is. Die Skrif is nie die produk van mense se nadenke oor of ervaringe van God nie. Dit wat die Bybelskrywers neergeskryf het, is deur die Heilige Gees aan hulle geopenbaar. Verder het Hy so in en deur hulle gewerk dat hulle sy Woord korrek en betroubaar op skrif gestel het. Daarom bely ons dat die hele Skrif deur God geïnspireer is. Hierdie geopenbaarde en geïnspireerde Woord dra God se gesag. Wat die Woord sê, sê God. Daarom is die Woord, volledig en alleen, ook die volmaakte en finale maatstaf vir die leer en die lewe van die kerk.

Die leer - dit wat die kerk glo, bely en verkondig.

Die lewe - die denke, gesindhede, motiewe, woorde en dade van die kerk.

Tweedens is 'n Gereformeerde kerk 'n kerk met 'n gereformeerde belydenisgrondslag. Gereformeerdes bely dat die gereformeerde belydenis soos dit in die Gereformeerde Belydenisskrifte neerslag gevind het, die Heilige Skrif suiwer vertolk en daarom 'n suiwer samevatting van die kernwaarhede van die Evangelie is.

Daar is diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle gereformeerd is terwyl hulle nie die gereformeerde belydenisse onderskryf nie. Om gereformeerd te wees - so word gesê - beteken om voortdurend te reformeer. Natuurlik is dit waar dat gereformeerdes voortdurend besig moet wees om te reformeer. Gereformeerdes moet hulself (hul leer en lewe) voortdurend aan die Skrif toets en daarna streef om hoe langer hoe meer aan die Woord gehoorsaam te word. Dit is egter nie wat hulle met reformasie bedoel nie. Vir hulle is reformasie verandering of vernuwung. Die probleem is

dat 'verandering' en 'vernuwing' nie noodwendig reformasie beteken nie maar dikwels deformatsie, misvorming, agteruitgang en verworping inhou.

## Die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband: Gereformeerd?

Teoreties handhaaf die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband die gereformeerde belydenis soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid. In Artikel 1 van Die Kerkorde staan geskrywe: 'Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die sewe-en-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.'

Die plegtige legitimasieverklaring wat onderteken moet word deur elkeen wat tot die bediening toegelaat wil word, lui: 'Ek, die ondergetekende, .... verklaar hiermee in alle opregtheid voor die Here dat ek van harte glo dat al die artikels en stukke van die leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Enigheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 en 1619 aangeneem - ooreenkom met die Woord van God. En net soos ek hierdie leer te goede trou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry en beloof ek om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer.' Elkeen wat die



verklaring aflê bely, in die lig van die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikels 1-7, dat die Skrif die onfeilbare en gesagvolle Woord van God is.

Dit geld ook van elke lidmaat wat by die openbare belydenis van geloof 'ja' geantwoord het op onder andere die vraag: 'Belooft jy om as lidmaat van die gemeente van Christus, deur sy genade in die belydenis van dié leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?' In beginsel onderskryf ouderlinge en diakens ook die gereformeerde belydenis wanneer hulle in die amp bevestig word.

Teorie en praktyk is egter ver van mekaar verwyder. Daar het 'n grondverskuiwing met betrekking tot die Skrifbeskouing in die harte van baie lidmate en gelegitimeerdes in die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband plaasgevind. Die verskuiwing het sigbaar geword in hul standpunte met betrekking tot die selfgetuïenis, die totstandkoming, die betroubaarheid (onfeilbaarheid), die volkomenheid, die duidelikheid en die gesag van die Skrif. Hierdie grondverskuiwing het 'n ingrypende invloed gehad op hul verstaan van die gesag van die Skrif. Op papier word die gesag van die Skrif bely, maar die praktyk bewys dat papier die geduld van Job oortref! Talle lidmate en gelegitimeerdes word onverhinderd toegelaat om die betroubaarheid en gesag van die Skrif te bevraagteken en onskriftuurlike standpunte te huldig en te verkondig. Teologiese dosente wat die gereformeerde Skrifbeskouing loën, word vertrou met die opleiding en toerusting van die bedienaars van die Woord. Kerkvergaderings neem besluite wat in stryd met die Bybel is. Lidmate en gemeentes ignoreer duidelike uitsprake van die Bybel. Van tug oor leer of lewe kom weinig (of niks) tereg.

Dit is daarom nie vreemd dat die belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband stelselmatig al hoe meer in gedrang gekom het nie. Die Heilige Skrif is die bron en die norm van die gereformeerde belydenisskrifte. Die belydenisskrifte het slegs gesag omdat dit die Skrif

suiwer vertolk en omdat dit in alles met die Skrif ooreenstem. Wanneer die betroubaarheid en gesag van die Skrif in gedrang kom, lei dit noodwendig tot die bevraagtekening van die gesag van die belydenisskrifte. Uit 'n onsuiver fontein vloei daar tog nie suiwer water nie. 'n Onbetroubare bron kan tog nie geboorte gee aan 'n betroubare belydenis nie. Anders gestel, wanneer artikels 1 - 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis nie meer van harte bely word nie, verloor die res van die belydenis en die ander belydenisskrifte hul gesag. Dit is wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband gebeur het. Die erns van die situasie word onder andere bevestig deur:

- Stelselmatige verdwyning van die Drie Formuliere van Eenheid uit die kerklike lewe.
- Propagering van standpunte wat in stryd met die gereformeerde belydenisskrifte is.
- Besluite wat deur kerkvergaderinge geneem is, wat nie met die belydenisgrondslag van die kerkverband versoen kan word nie.
- Subtiele vervanging van die Formuliere van Eenheid met 'eietydse' belydenisse.

### **Die stelselmatige verdwyning van die belydenisskrifte uit die kerklike lewe**

In die praktyk het die belydenisskrifte vir baie (die meeste?) lidmate en gelegitimeerdes van gemeentes in die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband weinig waarde. In baie gemeentes funksioneer die belydenisskrifte glad nie. Prediking aan die hand van die belydenisskrifte - en leerstellige prediking in die algemeen - het byna uitgesterf. Waar die belydenisskrifte nog in die kategetiese hanteer word, is dit oor die algemeen baie oppervlakkig. Daar is selfs jongmense wat belydenis van geloof aflê wat nie eers in staat is om die name van die Drie Formuliere van Eenheid op te noem nie. Die belydenisskrifte het ook uit die Liederebundel verdwyn. In die huise van lidmate is die belydenisskrifte 'n vergete boek. So

min belangstelling is daar vir die Drie Formuliere van Eenheid dat daar in die afgelope dekades nie 'n goed versorgde publikasie van die belydenisskrifte verskyn het nie.

### **Openlike propagering van standpunte wat in stryd met die gereformeerde belydenis is**

Die afgelope dekade het al hoe meer lidmate en gelegitimeerdes openlik standpunte gepropageer wat in stryd met die gereformeerde belydenis is. Opsommend is daar onder andere die volgende gesê:

**Skrifbeskouing** - Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar mense se woorde oor God. As mensewoord is dit in wese onbetroubaar en tydgebonde en is groot gedeeltes verouderd en uitgedien.

**Godsbeskouing** - Omdat die Bybel nie God se woorde oor Homself is nie maar slegs die Bybelskrywers se woorde oor Hom, mag ons maar op 'n ander manier oor God praat as hulle. Daarom word Hy 'Moeder' genoem, word gesê dat Hy nie in beheer is nie en dat Hy nooit mense tot die ewige straf sal verdoem nie.

**Christologie** - Sy Godheid, maagdelike geboorte, plaasvervangende lyding, liggaamlike opstanding en wederkoms is geloën.

**Verlossingsleer** - Die erfsonde is 'n uitdinksel van mense en Jesus Christus kan tog nie die enigste Verlosser, die enigste Weg na God wees nie.

**Kerkgrip en kerkwees** - Die Bybel gee nie duidelike beginsels en opdragte wat vir die kerk van alle tye geld nie, maar slegs 'n breë raamwerk vir ons kerkwees. Daarom het ons die vryheid om die erediens in te rig volgens die voorkeure en smake van lidmate, kan ons self bepaal hoeveel en watter besondere ampte (dienste) in die gemeente mag funksioneer en aan wie die nagmaal bedien mag word.

**Etiek** - Dit wat die Skrif oor die etiek leer, onder andere die huwelik en seksualiteit, is tyd- en kultuurgebonde. Daarom word daar nuwe inhoud aan die roeping van man en vrou in die huwelik gegee. Volgens sommige is selfs die monogame huwelik in gedrang. Wat seksualiteit betref - homoseksualiteit

is nie sonde nie, maar deel van die ryke verskeidenheid van God se skepping.

Daar word soms beweer dat die probleem beperk is tot die uitsprake van enkelinge. Op grond daarvan kan dan nie gesê word dat die hele kerkverband besig is om die Gereformeerde Belydenis te verlaat nie. Die argument hou egter nie rekening met die feit dat die getal 'enkellinge' by die dag toeneem en dat 'n klein bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie. Tweedens is die feit dat die leertug nie funksioneer nie en die leuen toegelaat word om soos kanker voort te woeker, 'n bewys dat die liggaam dodelik siek is en die vermoë verloor het om 'dwalingsinfeksie' te oorwin. Derdens is dit 'n tragiese feit dat talle van hierdie dwalinge al sigbaar word in die standpunte en besluite van 'meerdere' vergaderings.

### **Die besluite van kerkvergaderings wat nie met die gereformeerde belydenisse versoen kan word nie**

Sonder dat daar in besonderhede op bepaalde besluite ingegaan word of daar selfs gepoog word om 'n uitgebreide lys van besluite te noem, behoort dit vir alle gereformeerdes duidelik te wees dat die besluite van die Algemene Sinode oor die Skrifgesag (2002), die sogenaamde Kindernagmaal (1998) en homoseksualiteit (2002 en 2004) nie die toets van die Skrif of Drie Formuliere van Eenheid kan deurstaan nie. Nie alleen is daar besluite wat duidelik met die Belydenisskrifte in stryd is nie, maar daar is ook talle besluite wat die grense van gereformeerde verdraagsaamheid tot by die spreekwoordelike afgrond verskuif.

### **Die subtiele vervanging van die Formuliere van Eenheid met 'eietydse' belydenisse**

Dit is opmerklik dat wanneer die kerk se standpunt gestel word, dit bykans nooit vanuit die Drie Formuliere van Eenheid gemotiveer word nie. Indien daar wel 'n begroning gegee word, word dit vanuit kerklike beleidstukke of sogenaamde eietydse belydenisse

gedoen. Eers is *Kerk en Samelewing* in die praktyk van die kerklike lewe met meer gesag as die Belydenisskrifte bekleed. Daarna was dit *So glo ons* ('n eietydse geloofsverantwoording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in 1992 in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie gepubliseer is). Alhoewel dit in die voorwoord van die geloofsverantwoording duidelik gestel word dat dit nie 'n belydenisskrif is nie en dat dit saam met die Drie Formuliere van Eenheid gelees behoort te word, het dit in die praktyk van die kerklike lewe nie so gefunksioneer nie. Daarna is *Geloofsverklaring 2000* dikwels gehanteer asof dit die dokument is wat die geloof van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband verwoord.

Daarom is dit nie vreemd dat die aandrag vir 'n 'eietydse' geloofsverklaring al hoe sterker word nie. Ons glo nie meer met die hart en bely nie meer met die mond dié geloof wat eenmaal (eens en vir altyd) aan die heiliges oorgelewer is nie. Die kerk het 'nuwe lig' ontvang en in die lig van nuwe omstandighede 'nuut' geformuleer. Daarom is die Drie Formuliere van Eenheid uitgedien – verouderde historiese dokumente, oorblyfsels van 'n uitgediende teologiese paradigma.

Die vervreemding van die belydenis het die weg geopen vir die onskriftuurlike invloede wat die kerkverband oorspoel het. Die invloed van die ekumeniese beweging, die pinksterbeweging, die humanistiese geestes- en bestuurswetenskappe, die Rooms-Katolieke spiritualiteit, het die kerkverband so deursuur dat dit in die praktyk 'n 'hotelkerk' geword het. Van eenheid in leer, diens en tug is daar nie meer sprake nie. Die wagwoord is verdraagsaamheid. Onder die dekmantel van liefde en verdraagsaamheid moet daar selfs vir ongehoorsaamheid aan die Woord en ontrouheid aan die belydenis ruimte geskep word.

Die deformasie het al so ver gevorder dat dit met reg betwyfel kan word of die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband nog gereformeerd is. Dit is wel waar dat daar nog

(sommige of baie?) lidmate en gemeentes is wat Bybelgetrou en Belydenisgebonde wil leef en werk. Tog is die lewe van die kerkverband, soos dit in die algemeen sigbaar word in sy teologie, die besluite van kerklike vergaderings en die lewe van talle gemeentes, beslis nie gereformeerd nie!

### **Die verhouding van die Nederduits Gereformeerde Kerkverband met ander gereformeerde Kerkverbande**

As ons dan gesprek wil voer oor ons roeping as gereformeerde kerkverbande om mekaar te ondersteun, oor mekaar te waak en met mekaar saam te werk vir die opbou en uitbou van die kerk van Christus, is dit noodsaaklik om te beklemtoon dat die eenheid van die kerk 'n eenheid in die waarheid, en nie ten koste van die waarheid is nie. Hierdie geloofseenheid kom tot openbaring in die leer (belydenis), diens (liturgie) en tug (kerkregering). Daarom vorm gereformeerde kerke 'n kerkverband op grond van 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag. Die handhawing van die waarheid is ook van deurslaggewende belang vir samewerking tussen verskillende kerkverbande. In die lig van bogenoemde behoort die volgende vrae myns insiens aan die orde gestel te word:

- Is die Nederduits Gereformeerde Kerkverband nog Bybelgetrou en Belydenisgebonde genoeg sodat ander Gereformeerde Kerkverbande met vrymoedigheid in gemeenskap met hom kan leef en saam kan werk vir die handhawing van die waarheid soos dit deur gereformeerdes geglo en bely word?
- Loop die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie die gevaar om dieselfde pad as die Nederduits Gereformeerde Kerkverband te loop nie? Diegene wat die grondverskuiwing in die NG Kerkverband beleef het en na die verwickelinge in die GKSA kyk, na die debatte luister, *Die Kerkblad*, *Waarheid en Dwaling*, *Die Kerkpad* en die besluite van die Nasionale Sinode lees, vra onwillekeurig die vraag of die GKSA oor tien jaar nog Bybelgetrou en Belydenisgebonde

gaan wees. Wat die meeste verontrus is die gerustheid van leraars en lidmate in die algemeen. Wat met die Nederduits Gereformeerde Kerk gebeur het, sal mos nie met ons gebeur nie!

- Hoe sien die Vrye Gereformeerde Kerk sy roeping in die stryd wat op die oomblik in die Afrikaanse Gereformeerde kerkverbande afspeel? Watter bydrae kan en wil die Vrye Gereformeerde Kerk maak vir die handhawing en verbreiding van die gereformeerde belydenis?
- Maak die feit dat die situasie in die Afrikaanse Gereformeerde kerkverbande so vloeibaar is dit nie noodsaaklik dat plaaslike kerke wat Bybelgetrou en Belydenisgebonde

wil wees oor die grense van kerkverbande heen hande sal vat, mekaar sal aanspoor en bemoedig en saam sal stry ter wille van die waarheid nie?

Dit is hartseer dat die Nederduits Gereformeerde Kerkverband en die GKSA hul kerkmure in die verlede so hoog gebou het dat hul nie hul roeping om mekaar te ondersteun, oor mekaar te waak en met mekaar saam te werk vir die opbou en uitbou van die kerk van Christus, kon vervul nie. Dit het ons op talle maniere benadeel en verswak. Om maar een voorbeeld te noem: Hoeveel beter toegerus sou die bedienaars van die Woord in die NG Kerkverband nie gewees het as hulle blootgestel was aan die literatuur wat

uit die pen van teologiese dosente en leraars van die GKSA voortgevloei het nie!

Dit is my oortuiging dat diegene wat waarlik gereformeerd wil wees, mekaar sal moet vind. Saamgesnoer deur ons gemeenskaplike geloof en ter wille van ons gemeenskaplike roeping moet ons mekaar ondersteun, oor mekaar waak en met mekaar saamwerk vir opbou en uitbou van die kerk van Christus. Dit is my gebed dat hierdie vergadering die gesprek wat besig is om op verskillende plekke in die land tussen gereformeerdes op dreef te kom, sal aanvuur en ons sal motiveer om ook erns te maak om gereformeerdes in kerkverbande wat nie hier verteenwoordig is nie by hierdie gesprek te betrek.

Ds C Kleijn, Pretoria (VGK)

## Gereformeerd-wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die vorige sprekers het reeds verduidelik wat met Gereformeerd-wees bedoel word. Ek hoef dus nie nou nog daarvoor uit te wei nie. Wat julle veral sal wil hoor is hoe dit in die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) gestalte kry. 'n Mens sou sê dat dit in elke gemeente of kerkverband dieselfde behoort te wees. Gereformeerd is mos gereformeerd. Tog het elke gemeente of kerkverband sy eie klimaat, as ek dit so mag sê, en sy eie aksente. Wat is die klimaat binne die VGKSA? Hoe word Gereformeerd-wees daar uitgeleef?

Om 'n beeld daarvan te kry moet ek iets van die geskiedenis van die VGKSA noem. Die geskiedenis is grotendeels bepalend vir die klimaat binne die VGKSA.

Die Vrye Gereformeerde Kerke is geïnstitueer deur Gereformeerde Nederlanders wat ná die Tweede Wêreldoorlog na Suid-Afrika gekom het. Hierdie mense het kort tevore 'n kerkstryd in 'De Gereformeerde

Kerken in Nederland' (GKN) deurgemaak, wat tot 'n kerkskeuring gelei het.

Hierdie skeuring is die 'Vrijmaking' genoem en het in die veertigerjare van die twintigste eeu in Nederland plaasgevind. In die dertigerjare van daardie eeu het daar in die GKN 'n beweging ontstaan wat opnuut oor die leer en lewe vanuit Bybelse norme wou nadink. Daarvoor het egter geen ruimte bestaan nie. In 'n teenreaksie het die algemene sinode probeer om die Bybelse kritiek tot stilswye te bring. Onder dreiging van dissiplinêre maatreëls is 'n bepaalde leerstelling oor verbond en doop as bindend opgelê. Van hierdie binding het baie hulleself toe vrygemaak. Alhoewel hulle officieel die naam 'De Gereformeerde Kerken in Nederland' behou het, gebruik hulle meestal die toevoeging 'Vrijgemaakt' ter onderskeiding van die ander kerkverband, wat onder die naam 'De Gereformeerde Kerken in Nederland' bly voortbestaan het.

Van die Gereformeerde immigrante wat uit die vrygemaakte kerke in Nederland na Suid-Afrika gekom het, het gemeen dat hulle nie sondermeer lid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) kon word nie, aangesien die GKSA op daardie stadium hulle bande met die nie-vrygemaakte Gereformeerde Kerken in Nederland, ook ná die kerkskeuring van 1944, gehandhaaf het. Indien hulle sondermeer by die GKSA sou aansluit, sou hulle (so het dit vir hulle gevoel) hulle vrymaking in Nederland feitlik weer ongedaan maak. Hulle sou dan weer een in leer, diens en tug word met die kerke wat die Gereformeerde spoor verlaat het.

Die wens was egter om gewoon Gereformeerd te wees en te bly. In die lyn van die aloue kerk en van die kerke van die Reformasie, wou hulle vashou aan die aloue onfeilbare Woord van God soos dit in die drie Formuliere van Eenheid saamgevat is. Hulle wou gewoon



christelike kerk wees, 'n kerk wat hom aan die skriftuurlike leer en kerkregering bind. Hulle het hulself beskou as deel van die heilige algemene christelike kerk wat Christus van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader.

Deur die feit dat die VGKSA apart van die GKSA vergader het, het die Vrymaking 'n duidelike stempel op die ontwikkeling van die kerke geplaas. Die VGKSA was genoodsaak om meer na Nederland te kyk vir hulp en predikante. Daardeur kon die kerke nie onmiddellik geniet van positiewe bestuwing van ander gereformeerdes in Suid-Afrika nie. Die gemeentes het daarom langer die karakter van immigrante-gemeentes behou en die proses van afrikanisering is vertraag.

Ten die agtergrond van die Vrymaking van 1944 en van die reformatoriese beweging in die GKN wat daaraan voorafgegaan het, kan 'n mens sekere eienskappe van die VGKSA, veral in die beginjare, ontdek. Dit word ook wel vrugte van die Vrymaking genoem. Ek noem onder andere:

- 'n Sterk kerklike betrokkenheid van lidmate. Hulle het geleer om nie slegs leiers blindelings te volg nie, maar om self op grond van Skrif en Belydenis moeilike keuses te maak.
- Die kerkkeuse is baie belangrik geag, met 'n sterk klem op artikels 27-32 van die NGB. Daar was dus 'n lewende kerkbesef.
- Deeglike heilshistoriese prediking - in die jare voor die Vrymaking is hard gewerk aan reformasie van die prediking. Elemente soos heilshistoriese eksegese en verbondsmatige prediking het groot aandag ontvang.
- Die amp van alle gelowiges word sterk beklemtoon. Dit word van elke lidmaat verwag dat hy die Bybel (en die belydenisskrifte) ken en dit ook voortdurend bestudeer. Allerlei bybelstudieverenigings is opgerig.
- Aandag vir die gereformeerde onderwys - deur 'n sterk verbondsmatige visie op die kerk word daar baie aandag aan die

opvoeding en onderwys van die kinders van die kerk gegee. Sodra dit moontlik was, is eie laerskole deur lidmate opgerig.

Hierdie vrugte van die Vrymaking stempel tot vandag toe die kerklike lewe, veral in die ou immigrante-gemeentes, al moet ek sê dat die nadruk daarop minder sterk is. Oor die jare het ons die betreklike waarde van sekere aksente leer sien.

Ontwikkelinge na 1990 het die gesig en karakter van die VGKSA behoorlik verander. Sedert 1993 het 'n aantal leraars en individuele lidmate vanuit die Nederduits Gereformeerde Kerk hulle by die VGKSA aangesluit. Dit vanweë die onskriftuurlike leer en kerkregering wat in die NGK deurgevoer is. In 1995 bedank ds P Nel en 'n aantal lidmate na jare se stryd uit die NG Moedergemeente te Bethal. 'n Nuwe gemeente word gestig en in die kerkverband van die VGKSA opgeneem. Dit beteken dat die VGKSA vanaf dié datum nie net uit ou immigrante-gemeentes bestaan nie, maar nou ook 'n egte Afrikaanse gemeente in hul midde het. In 2001 word 'n ander Afrikaanse gemeente, dié van Springs, in die kerkverband opgeneem. Hierdie ontwikkelinge het die proses van afrikanisering binne die VGKSA gestimuleer en ons des te meer ons verantwoordelikheid in Suid-Afrika laat besef.

Die ontwikkelinge in die sending is ook besig om nuwe uitdagings aan die VGKSA as kerkverband te stel. Ná 1990 het die VGK-gemeentes self die verantwoordelikheid vir sendingwerk in Mamelodi, Soshanguve en in die Kaapse Vlakte aanvaar. Dit het die betrokkenheid van die kerke by die sending versterk. Twee gemeentes wat vanuit die sendingwerk ontstaan het, naamlik die gemeentes Mamelodi en Soshanguve-Noord kon geïnstitueer word en het inmiddels deel van ons kerkverband geword. Dit beteken dat ons kerkverband op hierdie oomblik tog 'n behoorlike verskeidenheid ken. Daar is die ou immigrante-gemeentes wat enersyds nog deur die Nederlands-kerklike agtergrond gestempel word, maar wat andersyds steeds meer besig is om te afrikaniseer, mede deur die Afrikaners wat in haar midde

opgeneem word en die derde generasie immigrante wat hier in Suid-Afrika grootgeword het. Dan het ons die egte Afrikaanse gemeentes wat vanuit die NG agtergrond in die kerkverband opgeneem is. Ten slotte het ons ook die Sotho-sprekende gemeentes wat vanuit die sending nou ook deel van die kerkverband is.

Hierdie ontwikkelinge dwing die VGKSA om voortdurend na te dink oor sy Gereformeerd-wees. Vanuit ons geskiedenis weet ons wat dit beteken as gewetens bo die Skrif gebind word. Ons wil nie in die slagat val deur self gewetens van kerke of lidmate bo die Skrif te bind nie. Tog kan dit maklik gebeur dat ons ons eie identiteit en spesialiteite (byvoorbeeld die vrugte van die Vrymaking) so sterk beklemtoon dat hulle amper tot norm verhef word.

Prof Trimp het ons geleer dat Gereformeerd-wees niks te make het met konserwatisme of tradisionalisme nie. Konserwatisme wil alles hou soos dit is. Dit beskou die opvattinge van sekere leiers of sekere historiese gebeurtenisse as die einde van alles. Dit maak 'n kerk steriel. Konserwatisme kan belangrik en getrou voorkom, maar dit is in stryd met die Gees, wat Here is en lewend maak. Dit het verword tot 'n uitwendige vormgeloof. Daarom is daar die dood in die pot. Die bevel van die Here: 'Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom' (Openbaring 2:25) het niks te doen met 'n gearriveerde houding, wat tevrede is met wat reeds bereik is nie. Dit wys eerder op die voortgaande stryd van die kerk, wat groei in geloof en liefde (vers 19).

Uit reaksie teen konserwatisme kan mense so progressief word dat hulle die kerk van sy eie fondament vervreem en verander in 'n produk van die moderne tydgees. Prof Sakkie Spangenberg is 'n ekstreme voorbeeld daarvan. Die laaste NG sinode het ook dergelyke tendense gewys. Sulke progressiewes wil feitlik (ook al erken hulle dit nie) nie langer Gereformeerd wees, of aan die gereformeerde belydenisskrifte, aan die belydenis dat die Bybel God se onfeilbare Woord is, gebind wees nie. Hulle soek iets nuuts - 'n nuwe kerk op 'n ander fondament.

In die geskiedenis van die kerk moet ons altyd teen twee ekstreme posisies waak. Die Bybel spreek beide die wettisisme van die konserwatiewes en die vrysinnigheid van die progressiewes aan. Wat dit betref is daar niks nuuts onder die son nie. Aan die een kant waarsku Paulus teen die wettisisme van die Judaïste: 'Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie' (Galasiërs 5:1). Aan die ander kant waarsku Paulus teen 'n wettelose lewe, teen die losbandigheid van die progressiewes: 'Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie' (1 Korintiërs 6:12). En: 'Gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie (Galasiërs 5:13).

Let daarop dat beide, die wettisisme en vrysinnigheid, in die aanhalings diensbaarheid, oftewel slawerny genoem word. As ons tussen die twee sou moet kies sou ons waarskynlik vir die wettisisme kies. Dit neem in elk geval die wet van God ernstig op, dink ons dan. In prinsipe staan die konserwatiewes op een lyn met die liberale progressiewes. Ons moet albei resoluut afwys, want die evangelie van genade, die gereformeerde geloof, is op die spel. Albei is 'n nuwe slawerny. Albei is in beginsel 'n dien van die vlees. Of ek nou blindelings op ou patrone of gewoontes vertrou óf dat ek 'n vryheid sonder grense soek, in beide gevalle dien ek myself in plaas van om die evangelie van genade vas te hou.

Beide posisies is ewe gevaarlik en verwoestend, hoe aantreklik hulle ook voorgestel mag word. Die wettis doen dikwels 'n beroep op trou aan die Woord van God. Die vrysinnige beroep hom dikwels op die christelike vryheid en die beweeglikheid van die Gees van God. In beide gevalle is die dood in die pot. Geloof sonder gehoorsaamheid is dood. Ons lees in Matteus 7:21: 'Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my

Vader wat in die hemele is.' Aan die ander kant: werke sonder 'n lewende geloof is ook dood. Wat is immers goeie werke? Die Heidelbergse Kategismus gee 'n pragtige antwoord in Sondag 33: 'Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruik van mense gegrond is nie.'

As Gereformeerde-wees niks met konserwatisme of liberale progressiwiteit te doen het nie, waar moet ons dit dan wel 'n plek gee? Prof Trimp wys op die pad van progressiewe reformasie. *Semper Reformanda*. Om gereformeerd te wees moet 'n mens altyd bly reformeer. Dit beteken 'n mens moet altyd weer terug na die Woord van God. Dan laat jy jou nie inspireer deur die gees van die tyd nie, maar deur die Gees en Woord van Christus, die Koning van die kerk. Jy wil voortbou op die een fondament van die katolieke kerk. Jy herhaal nie slegs wat jou vaders in die verlede gesê het nie. Jy bly luister na die lewende en altyd relevante Woord van God. Op pad na die volheid van kennis en geloof delf jy nuwe sowel as ou skatte uit die Skrifte uit. 'n Gereformeerde kerk kan nie stilstaan nie. 'n Gereformeerde kerk moet per definisie voortbeweeg terwyl sy die Woord van God uitdra en uitleef in 'n veranderende wêreld.

Die VGKSA wil presies dít doen en dít wees. Ons wil nie 'n kerk met 'n spesialiteit wees nie, 'n aparte klein klub van gelykgesindes nie. Ons wil geen tradisionaliste wees wat blindelings alles wil hou soos dit is, maak nie saak wat die Skrifte daarvoor sê nie. Ons wil geen uitwendige vormdiens hê waarby 'n lewende geloof in Jesus Christus ontbreek nie. Ons wil ook geen konfessionaliste wees wat die Bybel aan die belydenisskrifte gelykstel nie. Ons wil mekaar nie bind aan persoonlike menings en interpretasies van die belydenis asof hulle die Woord van God self is nie. Ons wil egter wel trou aan die belydenis wees. Ons wil dit bly lees en waardeer in die lig van die Skrifte self. Ons wil immers voortbou op die een fondament van die katolieke kerk. Ons wil ook geen biblisiste

wees wat vir alles tekste soek sonder om reg te doen aan die voortgang van die heilsgeskiedenis nie. Ons wil ook geen liberale progressiewes wees wat die moderne tydgees aan die kerk wil opdring, wat die kerk aan die wêreld wil gelykmaak nie. Ons wil bly stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is - die katolieke geloof wat in die gereformeerde belydenisskrifte saamgevat word.

Dit is geen maklike stryd nie. Ons erken dat ons dikwels daarin tekortskiet en tekort geskiet het. Ons bestaan uit sondige mense wat steeds weer teruggeroep moet word na die Here en sy Woord. Ons moet voortdurend deur die snoeimes van die Woord of van beproewing gesnoei word. Met enkele voorbeelde wil ek vir julle wys hoe ons in die praktyk inderdaad worstel om gereformeerd te wees en te bly.

Toe die gemeente van Bethal in ons kerkverband opgeneem is, was die gemeente daaraan gewoond om net 'n beperkte aantal Psalms en baie gesange te sing. Artikel 67 van die VGKSA Kerkorde bepaal: 'In die erediens sal die Psalms gesing word volgens 'n beryming wat deur die algemene sinode aanvaar is, en ook daardie gesange wat die sinode goedgekeur het.' By die aanvaarding van Bethal in ons kerkverband het die sinode artikel 67 van die Kerkorde nie aan Bethal voorgeskryf nie. Hulle is nie gedwing om hul gesange, wat nie deur die sinode goedgekeur was nie, te los nie. Ons het mekaar op grond van Skrif en belydenis aanvaar, in die vertroue dat op grond van Skrif en belydenis ook die kerklied aandag sou kry. Bethal het die Kerkorde aanvaar met dien verstande dat hy tyd gegun sou word om in die rigting van die Kerkorde-bepalings te groei. Dieselfde het gebeur met die gemeente van Springs. Daardie kerke het inmiddels sover beweeg in die rigting van die Kerkorde dat hulle, soos die ander kerke, nou die Totiusberyming van die Psalms en die Skrifberymings as hul kerklied gebruik. Ons kry met 'n vergelykbare situasie te doen nou dat twee sendinggemeentes deel van die kerkverband is, terwyl hulle nog geen bruikbare Psalmberyming ken nie.

Hierdie voorbeeld wys dat die VGKSA ook geen prinsipiële besware teen gesange het nie. Die sinodes van die VGKSA het juis vanaf 1992 deputate benoem om 'n nuwe seleksie gesange volgens sekere norme aan die kerke vir toetsing beskikbaar te stel, ook al het die sinode wel bepaal dat die aantal gesange die Psalms nie mag verdring nie. Die feit dat ons nog steeds geen gesange op tafel het nie, wys tog iets van die aarseling of versigtigheid in hierdie saak.

Hierdie voorbeeld wys ook hoe die VGKSA met sy Kerkorde omgaan. Die Kerkorde is nie 'n klomp reglemente wat rigied afgedwing moet word nie. Die Kerkorde staan nie op dieselfde vlak as die Skrif en die Belydenis nie. Daar is 'n onderskeid tussen die skriftuurlike beginsels en die praktiese uitwerking van die beginsels. Die Kerkorde is opgestel ter wille van die goeie orde in die kerke, om die voortgang van die evangelie te bevorder, sodat die gemeentes vergader en opgebou word in onderworpenheid aan Christus. Om die Psalms onmiddellik op die kerke wat by die kerkverband aansluit af te dwing, sou die doel juis verhinder. Aan die ander kant verwag 'n mens binne die kerkverband 'n lojale nalewing van die Kerkorde. Die Kerkorde is mos 'n produk van gemeenskaplike oorleg. Die kerke het hulle self vrywillig daaraan verbind. In die kerk van Christus moet ons ja, ja wees. Daarom spreek die kerke in die slotartikel uit dat hulle hul daarop sal toelê om volgens die bepalings van hierdie Kerkorde te leef solank hulle nie deur die algemene sinode verander is nie.

Nou 'n ander voorbeeld. Soos ek aan die begin van hierdie lesing genoem het, was die gereformeerde onderwys vir ons kinders een van die vrugte van die Vrymaking wat ons nog steeds hooghou. Toe die kwessie van tuisonderrig in die gemeentes opgekom het, is die VGK-gemeentes gedwing om na te dink oor watter plek hulle aan die eie gereformeerde laerskool gee. Is dit 'n norm waaraan elke ampsdraer en lidmaat gemeet moet word? Die bespreking hieroor het ons opnuut laat besef dat ons mooi moet onderskei tussen die skriftuurlike

beginsels waaraan elkeen gebind is en die praktiese uitwerking daarvan, wat verskillend kan wees. Die kerkraad van Pretoria het toe op grond van die Skrif uitgespreek dat die ouers primêr verantwoordelik is vir die onderwysing van hul kinders in die vrees van die Here, maar dat dit tegelyk ons gesamentlike verantwoordelikheid is. Die kerkraad het tewens uitgespreek dat die Skrif nie die een of ander onderwysmodel voorskryf nie. Ouers het daarom die verantwoordelikheid om te soek watter model in hulle spesifieke geval die beste is. Hoewel die kerkraad in die lig van die geskiedenis sy voorkeur vir onderwys aan 'n gereformeerde dagskool gegee het, het die kerkraad lidmate vermaan om mekaar nie oor hierdie saak te veroordeel nie.

'n Laaste voorbeeld. Die afgelope jare het die kerke baie gediskussieer oor die regulerende beginsel. Enkele lidmate het die woorde van Sondag 35 dat ons God op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie, gehanteer as: 'wat God nie gebied het nie, is verbode.' Op grond daarvan is besware aangeteken teen die kerklike feesdae en teen gesange in die eredienste en is daardie praktyke selfs as afgodery veroordeel. Die kerkraad van Pretoria het hierdie sake beskou as ondergeskikte punte van Kerkorde en kerklike praktyk waaroor ons mekaar nie behoort te veroordeel nie - op grond van Romeine 14 en 15 en na analogie van artikel 47 van die Kerkorde. Uiteindelik het klassis A 'n handleiding in verband met die hantering van Kerkorde artikel 68 en HK Sondag 35 uitgegee. Ek wil graag gedeeltes uit die handleiding deurgee om te wys hoe 'n klassis van die VGKSA geprobeer het om sy Gereformeerde-wees uit te leef.

Artikel 68 van die Kerkorde: 'Die kerkraad sal op Kersdag, Goeie Vrydag, Pase, Hemelvaartsdag en Pinksterdag die gemeente saamroep tot openbare eredienste, waar die heilsfeite wat die gemeente op hierdie dae in die besonder herdenk, verkondig word.'<sup>1</sup>

Die klassis skryf die volgende: "Hierdie 'herdenking van die

heilsfeite' moet duidelik onderskei word van die sg. heilige dae wat ons ken vanuit die Roomse kerklike tradisie waardeur gelowiges se gewetens gebind en gedwing word. [...] Kerkrade belê op hierdie dae bloot wettige eredienste waarin die Here soos in enige ander erediens aanbid en gedank word in en deur ons Here Jesus Christus. [...]

Dit staan die kerkraad vry om op enige dag van die week 'n erediens te belê. [...] So 'n praktyk sal die kerkraad natuurlik altyd moet doen met inagneming van die plaaslike omstandighede, nood en behoefte op 'n spesifieke tyd in die lewe van die gemeente. [...]

Hierdie kerklike feesdae is verder iets anders as die versekulariseerde viering van Kersfees (en ander kerklike feesdae) waar die viering totaal losgemaak word van die welgevallige aanbidding van ons God deur Jesus Christus. [...]

Ons het waardering daarvoor dat lidmate stiptelik aan die tweede gebod gehoorsaam wil wees. Ons wil immers self ook die beginsel, dat eiewillige godsdiens afgodery is, sterk bly vashou. [...] Nogtans het gereformeerde kerke en vergaderings nooit in die kerkgeskiedenis so ver gegaan om te sê dat dit afgodediens sou wees om 'n erediens te belê op 'n ander dag as Sondag nie. [...] Daarom vermaan ons lidmate om nie mede-gelowiges summier te veroordeel nie. [...]

Ons wil ook daarop wys dat 'n mens nie die woorde in Sondag 35 moet omkeer nie. Want daar staan dat ons God op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie. Dit is egter iets anders as om te sê: Alles wat nie uitdruklik beveel word nie, is verbode. Sondag 35 het immers nie net op die erediens betrekking nie, maar ook op ons daaglikse lewe. Alles wat ons doen, of ons eet of drink, moet tot eer van God gedoen word. [...] Dat ons hele lewe stiptelik in ooreenstemming met God se Woord moet wees is duidelik. Daaraan wil ons vashou; in besonder ook in die erediens.

<sup>1</sup> Aanhaling uit die kerkorde van die VGKSA



Ons moet oppas vir 'n wettiese tendens in ons hantering van die tweede gebod in die beoordeling van ander. Daaraan maak 'n mens hom skuldig wanneer hy ander veroordeel wat gemeenskap met die Here soek in 'n erediens deur Jesus Christus se Middelaarskap. Hierdie verhouding van die gemeente met God deur Christus is presies waarvoor die Wet gegee is. Die verhouding van die gemeente tot God mag nie verander word in 'n verhouding van die gemeente tot die Wet nie. Die Wet is in Ou en Nuwe Testament vir die volk van die Here gegee om die volk met die Here te laat leef. Die Wet is nooit 'n grootheid los van of naas die Here self nie. Die Wet is geen bundel onpersoonlike en abstrakte bepalings nie. Losgemaak van die Wetgewer wat sy wet gee sodat ons in gemeenskap met Hom kan leef, word die wet 'n slawedrywer. [...]

Die *sola scriptura* (die Skrif alleen) wat ons bely in artikel 7 van die NGB sluit nooit die wettige leergesag van die kerk uit nie. Dit wil alleen maar die verheffing van die kerklike gesag gelyk aan of bo die Skrif ontmasker. Die *sola scriptura* moet altyd invulling kry. Dit kan maklik tot 'n leë slagspreuk verander waarin dit gaan oor *ek met my eie insig in die Skrif alleen*. [...] Wanneer ons as kerke (en lidmate dus) ons daartoe verbind om die kerkordelike afspraak te hou, stel ons nooit die Kerkorde gelyk met die Skrif nie. Ons is volledig aan die Kerkorde gebind omdat ons ons woord aan mekaar gegee het dat ons hierdie afspraak sal hou. Dit is iets anders as om mekaar boskriftuurlik te bind. Ons "gewete" is nie vry om gemaakte afspraak te ignoreer en te minag nie. [...]

Ons herinner lidmate dus aan artikel 31 van die Kerkorde: "Die uitspraak wat met meerderheid van stemme

aanvaar is, sal as bindend aanvaar word, tensy daar bewys word dat dit in stryd is met die Woord van God of met die Kerkorde". Indien 'n lidmaat met 'n beswaarskrif teen art 68 van die Kerkorde kom waarin hy vanuit die Skrif sy besware deeglik begrond, is sy gewete nie gebind om die eredienste op hierdie feesdae by te woon nie."

Ek het baie uit die handleiding van die klassis aangehaal. Vir my gevoel kan julle daaruit verneem wat Gereformeerd-wees van die VGKSA inhou. Ons wil die Woord van God, soos dit in die gereformeerde belydenisskrifte bely word, handhaaf. Ons wil bly stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas vers 3). Daarom waardeer ons ook die onderlinge kerklike afspraak waarmee ons die onderwerping aan Christus, die Koning van die kerk, wil bevorder en beveilig.

## In die Koninkryk

Dr JG Meijer (1931-2002)

# DIE OU PAAIE

### **Vra na die ou paaie ... en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.** (Jeremia 6:16b)

Jeremia profeteer in 'n donker tyd. Die verbondsvolk keer sy rug op die Verbondsgod. Die maat van die sonde is vol. Die oordeel is onafwendbaar. Juda, die tweestammeryk, sal in ballingskap weggevoer word.

Die kwaad wat die HERE se toorn opwek, is die volk se verlatings van die ou paaie. Ou dinge is outyds, sê die mense. Nuwe tye, nuwe sedes. Die Woord van God word by 'n nuwe situasie aangepas, in stryd met die bevel: Pas die lewe aan by die Woord.

Die profeet roep die afvalliges tot bekering. Staan op die weë, die kruispaaie. Staan net stil in julle gejaagde lewe. Bepeins watter rigting die regte een is. Beproof julle, elkeen persoonlik. Vra na die ou paaie.

Die ou paaie ... Dit is eerstens die wet, die tora, wat die HERE eeue

gelede deur Moses geopenbaar het. Hy sê: Hou my gebooi om in my weë te wandel en My te vrees (Deuteronomium 8:6; vergelyk 5:33; 10:12-13). Dink aan die geskiedenis van die goue kalf toe hulle gou afgewyk het van die weg wat Ek hulle beveel het (Deuteronomium 9:12). Daar het omtrent drieduisend man omgekom (Eksodus 32:28), 'n waarskuwende voorbeeld vir mense wat die evangelie by hulle situasie aanpas. Die HERE laat Hom nie gebruik nie.

Die ou paaie is tweedens God se roemryke dade in die verlede. Vergeet dit nie, sê die HERE. Vertel my werke en my wet aan julle kinders sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat gebore word, dit aan hulle kinders kan vertel. So sal die volgende geslagte op God vertrou, sy dade nie vergeet nie en sy gebooi bewaar (Deuteronomium 6:7; Psalm 78:3-7). Godvresende ouers en kinders staan saam. Daar ontstaan nie 'n generasiegaping tussen hulle nie.

Jeremia roep die kerkvolk terug na die HERE, die God van Moses. Hy is die enigste wat die menselewe en die wêreldgebeure altyd in sy hande het. Hy lei die geskiedenis. Na die opstanding van Christus regeer die Vader deur Hom. Hy het alle mag in die hemel en op die aarde ontvang (Matteus 28:18). Sy regeerbeleid is nie willekeurig nie. Nee, Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Hebreërs 13:8).

Die profesie oor die ou paaie betuig: Die storie is een, want God is een en sy Woord is een. Die Heiland sê: Die Ou Testament getuig van My (Johannes 5:39; vergelyk Lukas 24:25-27; 1 Petrus 1:10-11).

Die offerwette in Levitikus verduidelik die betekenis van die versoenende lyde en sterwe van Hom wat in sy vernedering die hoëpriester, die altaar en die offer in een persoon was. Die boek Deuteronomium verkondig die vernuwende werk van sy Heilige Gees wat die hele menselewe herskep.

Daar bestaan geen teenstelling tussen

die ou en die nuwe verbond nie (NGB, artikel 25). Die Nuwe Testament is die waarheid, die vervulling van wat in die Ou Testament as skadu afgebeeld is (Johannes 1:17). Vra na die ou paaie. Lees nie alleen die Nuwe Testament of Bybelstukkies nie, maar die hele Skrif om die heerlike dae en wil van God te verstaan.

Ons kennis van die ou paaie is die toetssteen vir die gelowige beoordeling van die geskiedenis. Op die beginsels van die Woord, waaruit ons voorgeslag gelewe het, bou ons vandag voort. Die evangelie dring ons tot afwysing van afdwaling en ongeloof wat uit die storie oorgelewer word.

Vra na die ou paaie, ook in ons vaderlandse geskiedenis. Toe Jan van Riebeeck 'n verversingstasie aan die Kaap gestig het, het hy die Statebybel in sy hand en hart saamgebring. Dit was die leiding van God. Dieselfde Woord was die rigsgaander vir die Voortrekkers.

As ons vandag nie by dié ryk verlede aansluit nie, gaan die dreigende woord van die Here Jesus in vervulling: Dit sal vir Tirus en Sidon, vir Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle wat weier om op die geseënde verlede voort te bou (Matteus 11:20-24).

Die profesie oor die ou paaie is geensins 'n belemmering vir vooruitgang nie. Ons God is immers die Alfa en die Omega (Openbaring 1:8). Hy skakel sy volk in by sy gang van die A na die Z. Die Alfa: die storie begin in die tuin van Eden (Genesis 2:8-15). Die Omega: dit eindig met die neerdaling van die stad, die Nuwe Jerusalem, uit die hemel (Openbaring 21:9-27). God kom van die tuin tot die stad. Tussen die begin en die einde vind ontwikkeling plaas. Die mens is geroepe om die aarde te ontgin (Genesis 1:28), as medewerker van God (1 Korintiërs 3:9).

Die HERE beveel sy kinders om progressief én konserwatief te wees. Strew na vooruitgang én vra na die ou paaie. Bou in die gesin, in die skool, in die kerk, in die staat, in die daaglikse werk op die beginsels van die evangelie. Hou nie, uit vrees vir

## BESONDERE GESKENKE!

- Prof B Spoelstra: Gereformeerde kerkreg en kerkregering - R285
- Prof L Floor: My tye is in U hand (*preke*) - R60
- Ds G Meijer: Twaalf maal geseënd (*preke*) - R49
- Ds P Venter: As daar lig is, is daar vrug (*preke*) - R33
- Ds H Momberg: En as ek sterwe - R39
- Ds W ten Haaf: Gewaarborgde oorwinning (*Daniël*) - R80
- Ds R Visser: Lewe sonder God sinloos (*Prediker*) - R39
- Dr C van der Waal: Sola Scriptura (*Ou Testament*)  
Drie dele R39 elk
- Dr J Visser: Die Kerkorde in praktyk  
*Herdruk in voorbereiding (kan reeds bestel word)*
- Totius: Versamelde werke - R700
- Pelsers, P J: Evolusie en die Bybel - R89
- Psalmboeke - Totius-beryming - R97
- Bybel (drie vertalings: 1933/53, 1983 en NIV) - R1150
- ARSO - Gereformeerde skoolboeke - lys beskikbaar.  
BTW ingesluit. Posgeld R2 per boek.

CD's ook verkrygbaar  
(Martin Mans, Dub de Vries, Aafje Heynis,  
Urker Mannenkoor, ens.)

### FOLMER BOEKHANDEL

Posbus 11607, Queenswood 0121  
Tel 012 329 0031 - Faks 012 329 5927

Ook te bestel by:

**Tolle Lege** - tel 012 331 3750  
**Folmer Boekhandel** (Kaapstad) - tel 021 948 5883

ekonomiese regressie en teenstand in die wêreld, die Bybel angsvallig uit julle vernuwingsprogramme weg nie. Wees Skrifgetrou op alle lewensterreine.

Wie vra na die ou paaie om daarin te wandel, mag ekonomies en andersins die wind van voor kry, maar vind die belangrikste in die lewe: rus vir die siel. Christus haal in sy prediking die laaste gedeelte van ons teks aan. Sy juk is sag. Sy las is lig. Hy alleen skenk rus (Matteus 11:29), lewensrus, -veiligheid, -sekerheid, -geborgenheid.

O land, o volk, vra na die ou paaie. Die geskiedenis is een, want God is

een en sy Woord is een. Die God van Adam, van Noag, van Abram, van Moses, van Dawid, van die profete, die Vader van ons Here Jesus Christus, van die apostels, van die kerkreformateurs, van Jan van Riebeeck - Hy is ons God, vir ewig en altyd.

Ken sy dae en norme uit sy Woord. Ken dit uit die Ou én die Nuwe Testament. Bou voort op die Skrifbeginsels waarop ons vaders gebou het. Dan word die belofte vervul: Wat die toekoms ook al mag bring - die kerk, die volk en ons nageslag sal by die God van die ou paaie die ware rus vind.

# Op soek na 'n stoel

**In Beeld van 2 Augustus skryf Koos Smit van Eldoradopark 'n brief onder die opskrif 'Het die Kerk 'n paar stoele vir diegene sonder bagasie?'. Sy brief is 'n reaksie op artikels wat tevore in Beeld oor die Nuwe Hervorming gepubliseer is:**

*Twee artikels oor die Nuwe Hervormingsnetwerk deur Wilhelm Jordaan onder die opskrif 'Talle vrae om Nuwe Hervormers se netwerk' (28 Julie) en dié van Stephan Joubert, 'Net 'n verskraalde stel religieuse beginsels?' (30 Julie) verdien kommentaar. As Nuwe Hervormer verstaan ek hul denke. Ek bemerk ook 'n bereidwilligheid aan hul kant om te luister en daarom wil ek graag 'n hand van vriendskap uitsteek.*

*Die Kerk speel oor baie eeue 'n uiters belangrike rol om die mens tot nadenke oor sy optredes te stem en om deugde soos eerlikheid, medemenslikheid, vriendelikheid, hoë morele waardes, hardwerkendheid, ensovoorts by volgelinge te vestig - die vrugte van die gees waarvan in Galasiërs 5 gepraat word. In die Netwerk sal hierdie eerbare karaktertrekke met ewe groot doelgerigtheid nagestreef word.*

*Die Kerk het egter in die vierde eeu ná Christus 'n groot fout begaan en 'n klomp bagasie opgeneem wat hy in die moderne wêreld nie meer met eer kan dra nie. Onder leiding van die Romeinse staatsgesag is verhale oor wonderwerke wat lewenswaardes versinnebeeld het tot geskiedkundige*

*feitelikhede en dogmas van die Kerk verhef. Van die slang wat met Eva gepraat het tot maagdelike geboortes en opstanding uit die dood. Om van 'n hemelvaart nie eens te praat nie.*

*Albei skrywers is geleerde en gerespekteerde mense. Dit is vir my moeilik om te aanvaar dat hulle te midde van 'n magdom kennis nie hierdie fout aan die kant van die Kerk kan erken nie. Ek het 'n begeerte om saam met hulle eerbare lewenswaardes na te streef. Maar sonder om die bagasie van wonderwerke wat kwansuis tot 2 000 jaar gelede sou plaasgevind het, saam te dra. Het die Kerk nie dalk 'n paar stoele vir diegene sonder bagasie nie?*

Uit hierdie brief word dit andermaal duidelik hoe die harte in die borskaste van die nuwe hervormers klop. Enersyds word kerk-wees versmal tot nastreef van deugde. Andersyds word die kerk van haar vaste fondament beroof.

Histories gesien is dit onduidelik waar die briëfskrywer daaraan kom dat daar onder leiding van die Romeinse staatsgesag verhale oor wonderwerke is wat lewenswaardes versinnebeeld en tot geskiedkundige feitelikhede en dogmas van die Kerk verhef het. Intussen is die hou wat hy slaan 'n harde een. Die Skrif gee die feite oor die pratende slang, die maagdelike geboorte van Christus, sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart. Dit is nie die kerk wat dit tot feitelikhede en dogmas verhef het nie. Die Here sê

Self dat dit so is.

Koos Smit se probleem is gevolglik nie met dit wat die kerk deur alle eeue glo en bely nie. Sy probleem is met die Woord van God – met God Self. Hoekom hy nog hoegenaamd 'n bagasie-lose stoel in die kerk soek, is uiters vreemd. Wie met die Woord van Christus geen erns maak nie, hoef immers geen stoel in die liggaam van Christus te bes(m)et nie.

Dit word algaande duidelik dat die Nuwe Hervorming een stuk de-formasie in stede van re-formasie is. Die deformasie in die Afrikaanse kerke het al jare gelede begin met die bevragekening van Genesis 1 tot 3 en die geskiedenis van Jona.

Hierdie is die konsekwente gevolg daarvan. Uiteindelik moet daar in alle eerlikheid gevra word: hoekom wil die Nuwe Hervormers nog hoegenaamd iets met die Bybel te doen hê? As die Bybel dan so 'n onlogiese, verouderde en uitgediende boek is, waarom los hulle dit dan nie heeltemal uit nie? Agnostici en ateïste is ten minste eerliker in hierdie opsig. Dit word nie uit leedvermaak gesê nie (hoe sou 'n mens durf leedvermakerig wees oor iemand wat God en sy Woord minag!?) – dit is bloot 'n kwessie van eerlikheid. Daarmee saam word die hoop uitgespreek dat almal wat hulle as Nuwe Hervormers beskou indringend tot bekering sal kom deur met die Here en sy Woord daadwerklik erns te maak.

## Vrye Afrikaan

**Op 3 September het die eerste uitgawe van Die Vrye Afrikaan die lig gesien. Johann Rossouw, redakteur van Die Vrye Afrikaan skryf soos volg oor die totstandkoming en bestaan van dié blad:**

*'n Ander wêreld is moontlik. Hierdie eenvoudige woorde het die afgelope paar jaar reeds miljoene mense wêreldwyd van Abidjan tot Zanzibar, van Seattle tot Genua, van Porto Alegre tot Moembaai aangegryp. Dit is 'n boodskap wat u vanoggend saam*

*met minstens 30 000 ander mense in Afrikaans lees in hierdie eerste uitgawe van Die Vrye Afrikaan. By Die Vrye Afrikaan glo ons dat die wêreld voor 'n eenvoudige keuse te staan gekom het: Wil ons leef in 'n wêreld waar gewone mense in hul gemeenskappe self oor*



*hulle toekoms besluit, of wil ons leef in 'n wêreld waar magtige politici en multinasionale maatskappye vir ons daaroor besluit?*

*Die Vrye Afrikaan skaar hom by die gemeenskap, en glo dat nuwe vorme van gemeenskap en politiek nodig is om te keer dat die partypolitiek en die markeconomie langer oor gewone mense loop. Ons glo dat die wêreldwye herlewing van gemeenskappe uiteindelik ook weer die politiek en die ekonomie op 'n gesonde grondslag sal plaas.*

*Die Vrye Afrikaan glo 'n ander wêreld is moontlik as gemeenskappe dwarsoor die wêreld kan saamspan om hulle globale lotsverbondenheid uit te leef. Ons glo dat Afrika 'n sleutelrol in die 21ste eeu sal speel wanneer mag in Afrika nie meer gebruik word om slegs die staat of die korporasie te bou nie, maar veral die gemeenskap. Sedert die Nywerheidsomwenteling van ongeveer 1850 het geweldige tegniese vooruitgang groot rykdom vir Europa*

*en Noord-Amerika gebring, maar in die proses is hulle politieke en gemeenskapslewe vernietig en word hul samelewings toenemend omskep na die beeld van die mark.*

*Ons glo dat Afrika oor vyftig jaar 'n model vir die wêreld sal wees as sy daarin kan slaag om die opkomende globale tegniese stelsel so toe te eien dat haar gemeenskappe so energiek en lewenskragtig bly as wat hulle tans is – ten spyte van al die ellende wat hulle deur die uitmergelende 20ste eeu beleef het. Ons glo dat die ontwikkeling van die 15 groot tale wat deur 85% van Afrika se gemeenskappe verstaan word, die sleutel is om Afrika na 'n nuwe toekoms te lei. Ons glo dat Afrikaners hierin 'n sleutelrol kan speel, omdat hulle in die eerste helfte van die 20ste eeu beleef het hoeveel moedertaalontwikkeling vir 'n gemeenskap kan beteken. Ons glo dat Afrikaners ook kennis met Afrika kan deel oor wat om nie te doen nie, aangesien hulle in die tweede helfte van die 20ste eeu gesien het watter gevare daarin skuil om jou gemeenskap te verstaatlik en te korporatiseer.*

*Ons glo in 'n ekonomie waar die teenoorgestelde van armoede nie rykdom is nie, maar selfstandigheid. Ons glo in 'n ekonomie waar die omgewing nie maar net 'n ontginbare hulpbron is nie, maar die voorwaarde van ekonomie self. Ons glo in 'n Suid-Afrika waar ons nie 'n nasie bou waar alle Suid-Afrikaners identies is nie, maar 'n nasie van gemeenskappe, waar ons ook toegelaat word om te verskil. Ons glo in 'n nuwe Afrikaner wat saam met 'n nuwe Afrikaan werk aan 'n Afrika en 'n planeet waar mense mag kies wat hulle glo, watter taal hulle praat, en watter werk hulle doen - omdat hulle weet wie hulle is. Ons glo in gemeenskappe waar mense sowel individu as groep kan wees.*

*... As redakteur is dit dus my voorreg om saam met die redaksionele raad en die redaksie van Die Vrye Afrikaan aan u te sê: 'Welkom in 'n ander wêreld'.*

*Dit is 'n mondvul. As alles wat die redakteur glo werklikheid gaan word, lyk dit asof ons binne die volgende aantal jare bykans hemel op aarde gaan hê. Die sluimerende kontinent genaamd Afrika sal wakker word en opstaan en klaarblyklik 'n verskil aan ons gebroke wêreld kan maak. Afrikaner en Afrikaan sal daarin 'n wesenlike rol speel.*

*Op die besonderhede wat in bogenoemde nooiens toespraak vermeld word, word nie nou ingegaan nie. Heelwat stimulerende gedagtes word losgelaat. Oor elke punt kan daar diepgaande debat gevoer word. Oor twee kardinale punte moet daar egter duidelikheid wees: wat is die dryfveer; en wat is die doel? As die dryfveer nie God en sy wil is nie, sal alles mooi klinkende woorde bly. Trouens, dan kan 'n Vrye Afrikaan dalk taamlik teenkating verwag van 'n Vrye Amerikaanse en Vrye Europeaan en Vrye Asiaat. Vryheid is werklik in Christus. Dit geld vir alle mense, op alle kontinente. Wat die doel betref: word die koninkryk van God deur die Vrye Afrikaan en sy metgeselle gebou? As al die mooi planne nie tot eer van God en tot die koms van sy koninkryk bydra nie, moet daar geen hemel op aarde verwag word nie. Wat ons Afrikaner-voorouers betref, was daar by baie van hulle 'n opregte soeke na die koms van God se koninkryk (onder andere by staatspresident Paul Kruger). Op daardie spoor moet verder gebou word – te midde van totaal ander en nuwe omstandighede.*

*Die redakteur heet elke leser 'Welkom in 'n ander wêreld'. Die vertrouwe word uitgespreek dat dit 'n wêreld is waar God Koning is, en sy Woord as wet geld.*

#### **VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

##### **Redaksie:**

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

##### **Medewerkers:**

Dr AH Bogaards  
Prof JM Boon  
Dr EA de Boer  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

##### **Administrasie-adres:**

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

##### **Intekengeld:**

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA, Waverley, Pretoria**

##### **Tegniese versorging:**

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

*Die Bestuur en Redaksie van  
Waarheid & Dwaling wens al ons lesers  
'n geseënde rustyd toe. Ons bede is  
dat die Here u in hierdie tyd sal bewaar  
en versterk om u taak en roeping  
in die nuwe jaar weer met ywer aan te pak.*